Die Matie
SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941
Nr 9 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI DONDERDAG 29 APRIL 1993

**Rooi vlag**

Tonge wapper ná diens
p 5

# Vredesoptog beplan

Deur ADÉL DE VILLIERS

'n Optog vir vrede en demokrasie word vir Donderdag, 13 Mei, deur die strate van Stellenbosch beplan. Volgens die SR-lid vir Spog, Rainer Gillich, is hierdie 'n historiese geleentheid vir alle studente, dosente en werkers van die universiteit, sowel as die groter gemeenskap van Stellenbosch, om bymekaar te kom en te wys dat hulle werklik in vrede en demokrasie glo.

"NA die gebeurtenisse wat die afgelope twee weke in ons land plaasgevind het, moet ons nou begin om as 'n gemeenskap sáám te staan vir vrede," het hy gesê.

Die mosie vir die vredesoptog is ingedien deur mnr Gillich en die SR-voorsitter, André van der Spuy. Na verdere samesprekings met die DP, NP, Saak, Sasco, Stem en Inkatha, is daar besluit dat die vredesoptog nie net tot studente beperk moet word nie, aangesien die hele gemeenskap daarby sal kan baat.

"Die optog is nie uitsluitlik vir studente nie, maar vir almal wat in Stellenbosch woon," het mnr Gillich gesê.

"Positiewe reaksie is van al die belangegroepe ontvang. Die tyd waarin ons lewe vereis vrede en demokrasie. Daar moet egter eers demokrasie heers voor vrede kan heers."

Vir mnr Gillich is die hoofdoel van die optog dat "mense in 'n groter mate in 'n langtermyn-konteks moet leer dink, aangesien ingrypende grondwetlike veranderinge vir Suid-Afrika in die nabye toekoms is. Mense moet nou reeds die belangrikheid van demokrasie en vrede besef."

Hy het dit beklemtoon dat mense moet besef dat die optog nie polities ingestel is nie, maar dat die hoofdoel vrede en demokrasie is.

Voorlopig sal die optog by die Braak begin, waarna dit na die Stadsaal sal beweeg. Daar is oorspronklik beplan dat die vredesoptog deur die kampus sou beweeg, maar Administrasie het dit blykbaar geweier aangesien hulle "nie verantwoordelikheid wou neem nie".

Volgens die hoof van Openbare Betrekkinge, mnr Douglas Davis, dra Administrasie geen kennis van die vredesoptog nie en kan hy dus op hierdie stadium geen kommentaar lewer nie.



Konflik tussen die polisie en ANC-ondersteuners by 'n vergadering van die Vrye Kaap Beweging.
Foto: FRANCIOS NAUDÉ

## Vergadering ontwrig

SOWAT dertig ANC-lede het verlede Donderdagaand vir ongeveer twintig minute verhoed dat die leier van die Inkatha Vryheidsparty (IVP), dr Mangosuthu Buthelezi, sy toespraak tydens 'n vergadering van die Vrye Kaapbeweging(VKB) in die Stellenbosse stadsaal kon lewer.

Die voorsitter het die betogers verskeie kere tot stilte gemaan, maar hulle het nie gehoor gegee nie. Hierna het hy die polisie versoek om hulle te verwyder.

Dr Buthelezi het daarna in sy toespraak gesê dat federalisme volgens hom die beste oplossing vir Suid-Afrika se politieke dilemma is.

"Die bou van demokrasie van onder af boontoe sal landwyd deur nasionale leierskap bevorder word en om hierdie rede aanvaar en ondersteun die IVP dit," het dr Buthelezi gesê.

Hierna het die IVP se hoof-uitvoerende beampte, mnr Joe Matthews, vrae uit die gehoor beantwoord. Die voorsitter van die VKB, mnr Christopher Hill, het ook 'n kort toespraak gelewer waarin hy die VKB as 'n aksiegroep bestempel het wat hom beywer vir die grootste mate van vryheid en selfregering binne 'n toekomstige Suid-Afrika.

"Streeksregerings moet die maksimum outonomie hê en die sentrale regering moet hoegenaamd geen seggenskap in die streke se sake hê nie," het hy gesê.

## Diens vir Hani in Studentekerk

'n ROUDIENS ter nagedagtenis van die vermoorde SAKP-leier, mnr Chris Hani, is op 14 April in die Studentekerk gehou. Die diens is op versoek van die Hani-familie deur die Raad vir Kerklike Samewerking op Stellenbosch (RKKS) gereël.

Daar is vooraf versoek dat geen vlae in die kerk vertoon moet word nie, maar tydens die diens is die rooi SAKP-vlag wel op een van die galerye vertoon. Die vlag is egter kort daarna deur een van die ANC-beamptes verwyder.

Die vertoning van die vlag het aansienlike reaksie uitgelok. Van die Studentekerk se leraars het selfs telefoonoproepe ontvang waartydens hulle "kommuniste" genoem is. Volgens ds Braam Hanekom is dit veral ouers van studente wat ontevrede is oor die aangeleentheid. Sommige het selfs gedreig om geen verdere donasies aan die kerk te skenk nie.

"Dit was 'n hartseer dag toe die vlag vertoon is, maar ek voel dat ons die regte ding gedoen het, aangesien daar groter vraagstukke is wat ons moet aanspreek," het hy gesê.

## SR op skakelingstoer

Deur LEONI MOLENAAR

DIE SR het die afgelope vakansie 'n toer na vier verskillende universiteite in Suid-Afrika onderneem. Die toer was "in 'n poging om die wanpersepsies wat ander universiteite oor Stellenbosch het, uit die weg te ruim," het die SR-voorsitter, André van der Spuy, gesê.

Besoeke is afglê aan Rhodes, die Universiteit van Fort Hare, die Universiteit van Natal en die Universiteit van Durban-Westville.

Volgens mnr Van der Spuy is die US by verskeie universiteite hartlik verwelkom en is uiters belangrike kontak gemaak, veral in die lig van die gebrek aan kommunikasie wat al die jare tussen Stellenbosch en die tradisioneel liberale universiteite bestaan het.

Politieke verwikkelinge soos die dood van die SAKP se sekretaris-generaal, mnr Chris Hani, het egter die beplande besoeke aan die universiteite van Transkei en Zululand onmoontlik gemaak.

Die program vir die toer was propvol met besprekings en debatte oor onder andere die US se taalbeleid, demokratisering van die universiteit, rassisme en seksuele teistering in universiteite en die toekoms van die tersiêre opleiding.

"Ons het geleer dat die US in isolasie leef en nie in voeling is met die probleme nie, het hy gesê."

## Rye bly steeds lank

Deur ZELDA WEITZ

'n PLAN om die lang toue by die fotokopieerafdeling van die JS Gericke-biblioteek op te los, wat reeds in Augustus verlede jaar voorgestel is, het nog nie gerealiseer nie.

Die voorstel wat gemaak is, het behels dat die fotokopieerafdeling in twee dele verdeel moet word sodat studente wat slegs klasnotas wil dupliseer nie veroorsaak dat studente wat biblioteekmateriaal wil kopieer in lang toue hoef te staan nie.

Die direkteur van biblioteeksake, prof Hennie Viljoen, wat destyds die versekering gegee het dat die probleme rakende lang toue opgelos sal word, het die afgelope week nuwe voorstelle gemaak.

Prof Viljoen het daarop gewys dat die toeloop na die fotostaatmasjiene eers 'n paar jaar gelede begin het toe die kaartstelsel ingestel is. Hy het gesê dat hy nou opnuut besef dat daar dadelik iets aan die saak gedoen moet word, maar dat hy nie meer fotostaatmasjiene beskikbaar sal kan stel nie.

Die redaksie van Die Matie spreek ons meegevoel uit met die lede van die Hani-familie van Kayamandi, asook die naasbestaandes van al die slagoffers van geweld in ons land in die afgelope weke. Ons verbind onsself opnuut tot die beginsels van nie-rassisme, nie-seksisme, demokrasie en vrede vir almal in Suid-Afrika.

## Opgeskorte vonnisse ná dooptugsake

Deur EBBE DOMMISSE

AAN die einde van die eerste kwartaal is drie koshuise naamlik Wilgenhof, Huis Marais en Nemesia skuldig bevind aan doopwanpraktyke. Die tugstappe volg ná klagtes wat ingedien is by die ondersoekbeampte nadat die doopkwessie wye mediadekking ontketen het.

Die betrokke HK-lede is kontantboetes opgelê en ook van hul pligte onthef. Laasgenoemde strafmaatreël is egter vir die res van hul verblyf in die koshuise opgeskort. Die HK-lede van Dagbreek is uit die koshuis geskors, maar dié maatreël is ook onder sekere voorwaardes opgeskort.

Volgens die prim van Huis Marais, mnr Shane Hewitt, aanvaar sy koshuis die strawwe wat aan hulle opgelê is. Die prim van Dagbreek, Reinier Matthee, het gesê dat 'n verwronge beeld deur die nasionale media geskep is en dat hy geen kommentaar wil lewer nie.

Die SR-voorsitter, André van der Spuy, het gesê dat die betrokke vonnisse lig in die broek is, maar hoop dat dit as 'n waarskuwing sal dien vir die HK-lede van volgende jaar.

"Koshuise verkeer onder 'n wanindruk dat hul tradisies binne die regulasies van die Senaat is. Koshuise sal dus krities moet inkyk op die bestaande tradisies en dit tot só 'n mate aanpas dat dit vir almal aanvaarbaar is," het hy gesê.

Prof van Wyk het dit duidelik gestel dat die Senaat die betrokke aangeleentheid in 'n baie ernstige lig beskou. "Ek wil die versekering gee dat alle wanpraktyte uitgeroei sal word. In die lig van die ondersoek wat uitgevoer is, sal daar nog gesprekke plaasvind en moontlik nog verdere voorkomingsmaatreëls getref word."

**Onderhoud**

Engel bring nuwe lewe
p 10



**Kabaret**

Van parras en dokse
p 8



# Studente-medici ontmoet

Deur **MIA MALAN**



Sommige van die afgevaardiges by die Famsa-kongres te Stellenbosch.

ALTESAAM 35 afgevaardiges, afkomstig van onder meer Kenia, Tanzanië, Zambië en Suid-Afrika het die kongres van die Federasie van Mediese Studenterade in Afrika (Famsa) vanaf 10 tot 13 April by die US se hoofkampus bygewoon.

Die doel van hierdie kongres was tweeledig: eerstens om wedersydse gesondheidsprobleme aan te spreek, en tweedens om effektiewe kommunikasienetwerke tussen die mediese fakulteite van Afrika daar te stel.

Die organiseerders van die kongres was mnre Ben Marais en Hans Strijdom, onderskeidelik die streekdirekteur van Famsa en ondervoorsitter van die TSR vir 1991/92. Volgens mnr Marais was dit 'n geskiedkundige gebeurtenis, veral aangesien lidmaatskap eers in 1991 aan Suid Afrika toegeken is.

Verskeie gesondheidsvraagstukke is aangespreek, veral die effek van apartheid op mediese dienste in Suid Afrika en die tekort aan mediese toerusting in Afrika. Volgens mnr Marais was die hoë standaard van mediese opleiding onder Afrikane merkbaar.

"Suid-Afrika kon veral kennis oor gemeenskapswerk met beperkte toerusting opdoen – 'n hoogs relevante kwessie vir die toekoms van ons land," het mnr Marais gesê.

Sprekers het dr Piet Human, van die personeeldepartement van UK, en prof Phillip Nel van die departement van Politieke Wetenskap by die US, ingesluit. Die toekoms van Afrika asook die nut van kongresse is behandel terwyl goeie insigte in hierdie verband verkry is deur kleiner groepsbesprekings.

Daar is besluit om Afrika in drie streke naamlik Wes, Oos en Suid te verdeel om sodoende kommunikasie tussen streke op 'n meer gereelde basis te laat geskied.

# Smous verban van kampus

Deur **ANITA TROMP**

ALLE smouse in en om die middedorp is nou beperk tot sekere persele wat deur die Stadsraad aan hulle beskikbaar gestel is.

Een van die stalletjies wat volgens die nuwe bepaling moes verskuif, is die vrugtestalletjie op die hoek van Victoriastraat en Bosmanstraat wat aan mnr Etienne Joubert behoort.

Díe stalletjie, waar studente daagliks vars vrugte kon koop, was veral gewild onder koshuisgangers. By ondervraging het baie studente dit eens gehad dat dit juis die ligging van die stalletjie was wat dit so gewild gemaak het, aangesien dit nie nodig was om dorp toe te gaan vir vars vrugte nie.

Soos vroeër berig het die Stellenbosse stadsraad en die aangewese rektor, prof Andreas van Wyk, verlede maand 'n versoek tot die Administrateur van Kaapland gerig om smousery tot sekere areas te beperk. Op 16 April is hierdie mosie goedgekeur.

Kennisgewings is kort hierna namens die Stadsraad aan straathandelaars oorhandig waarin hulle gevra is om hul afsetpunte binne een uur ná kennisgewing te verlaat. Indien hulle sou versuim om dit te doen, sou geregtelike stappe teen hulle geneem kon word wat met skuldigbevinding strafbaar sou wees met 'n boete van tot R300.

Volgens mnr Joubert, wie ook 'n boete opgelê is, is hy baie ongelukkig dat sy stalletjie ook in die slag moes bly. "Hierdie optrede is in stryd met die beginsels van die vryemark," het hy gesê.

Volgens 'n smous, wat verkies om anoniem te bly, is hy en baie van sy ander "kollegas" ontevrede met die nuwe bepaling. Hulle is van mening dat hulle "in niemand se pad was nie" en "op 'n beskaafde wyse" handel gedryf het. Hulle beoog om 'n klagte by die stadsraad in te dien en selfs verdere stappe te neem om weer hul ou handelsgebiede te mag gebruik.

# Ex-Maties on search for beer



Paddy Upton in action.

TWO ex-Maties, Paddy Upton (24) and Fritz Sonnenberg (25), recently won the national finals of the Castle Tavern Tour and are off on a sixteen day tour to the famous Taverns of Europe and the UK. The tour mission: to try and find a better beer than Castle Lager.

Their act, which saw them through the preliminary rounds to winning the final at the V&A Waterfront, sees Fritz impersonating well-known sports commentator Louis Karpas (Louis Clueless, alias Louis Jobless in their act) and Paddy as a Pakistani Cricket manager, mr Rubbish Binny.

It was during their years at Stellenbosch that Paddy and Fritz started nurturing the "social skills" that ultimately were responsible for seeing them through to winning this prestigious competition. They were both products of Simonsberg, an attribute that they feel also contributed to their victory.

The Tavern Tour party, consisting of Paddy, Fritz and eight winners from other regions in the country, will visit the capitals of Chechoslovakia, Austria, Germany, Holland, England, Scotland and Ireland during May this year.

Fritz graduated from Stellenbosch in 1990 with a BA LLB and Paddy in 1989 with a BSc.

FOTO STUDIO LOCKLEY
EIEN. COR LANGENBERG
DIE STUDENT SE AMPTELIKE FOTOGRAAF
DIE BESTE
*Vir al u foto's:*
RUGBYGROEPE, HUISFOTO'S, PORTRETTE ENS.
PASPOORT- EN I.D.-FOTO'S TERWYL U WAG EN
GRADEPLEGTIGHEDE.
TEL. (02231)
833131
DIE GOEDKOOPSTE
Pleinstraat 21, Langs Saambou, Stellenbosch.

# SR stem op raad

Deur **PIÉRRE OOSTHUIZEN**

DIE SR het onlangs sitting en stemreg op die Universiteitsraad verkry. Volgens die SR-voorsitter, André van der Spuy, is dit nog 'n belangrike stap wat die SR neem in 'n poging om groter inspraak deur studente in die universiteit se bestuur te verkry.

"Studente kan nou 'n groter insae hê in die besluitneming van die universiteit," het hy gesê. "Dit dui dalk net op simboliese waarde, maar dit is deel van 'n belangrike ketting waardeur studente bewus kan word van inligting wat deurgevoer word. Sodoende kan daar groter betrokkenheid van studente wees."

"Hierdie stap bring egter ook groter verantwoordelikheid mee, aangesien daar ook positiewe insette gelewer moet word wat verteenwoordigend is van al die studente. By vergaderings van fakulteitsrade en departemente kan verkose klasverteenwoordigers 'n belangrike verandering meebring deur relevante sake te opper."

"Deur die aktiewe deelname van klasverteenwoordigers sal belangrike besluite deurgevoer kan word tot by die Universiteitsraad," het hy gesê.

# Nuusflitse

## Dosent adviseer ANC

'n DOSENT aan die Departement Ekonomie van die US, prof Servaas van der Berg, is gekies as lid van die ANC-SAKP-COSATU alliansie se Macroeconomic Research Group (MERG). Dié groep dien as klankbord vir die alliansie se ekonomiese beleidmaking.

Volgens prof van der Berg is hierdie groep nie self gemoeid met beleidmaking nie, maar dien slegs as beoordelaars van die navorsingsproses.

Hulle vergader gereeld om die voorgelegde navorsing te bespreek. Die volgende vergadering vind in Julie plaas.

"Die doel van hierdie groep is om die ANC te adviseer op grond van navorsing," het hy gesê.

Volgens prof van der Berg is hulle gemoeid met breë aspekte wat op nasionale vlak voorkom, byvoorbeeld inflasie, die begroting en internasionale handel.

Die groep is net 'n tussentydse maatreël van die ANC-COSATU alliansie."Ons staan as die verwysingspan bekend. Met hierdie stap het die ANC buite sy normale ondersteunerskorps beweeg na ander persone wat simpatie met sy ekonomiese doelwitte, soos die bekamping van armoede. het," het prof van der Berg gesê. *-Gisela Marx*

## Pepkor steun Uskor

PEPKOR Beperk het vir die tiende agtereenvolgende jaar 'n tjek aan USKOR oorhandig om minderbevoorregtes in veral plakkerskampe te help.

Op 21 April is 'n tjek ter waarde van R20 000 in ontvangs geneem deur die aangewese rektor, prof Andreas Van Wyk. Mnr Tony Horton, direkteur van Pepkor, het gesê dat die bedrag van R10 000 twee jaar gelede onvoldoende was vir USKOR se algemene ontwikkelingsprogramme.

USKOR het in die verlede al talle projekte geloods minderbevoorregtes te help en Pepkor het 'n voertuig beskikbaar gestel om met die uitvoer hiervan te help.

Verder het USKOR 'n Pepkor-geborgde bemarkingsvideo gemaak om hulle werksaamhede aan maatskappye te toon.

USKOR het gesê dat hulle trots is op hul verbintenis met Pepkor, aangesien hulle voel dat dit belangrik is dat die privaatsektor betrokke moet wees in die bediening van die deel van die bevolking wat dit regtig nodig het.

Mnr Horton het verder gesê dat Pepkor hierdie welwillendheid op 'n lae advertensievlak bewys, aangesien dit hulle beleid is om nie hul ondersteuning in dié verband aan die groot klok te hang nie. - *Zelda Weitz*

## US speel nou Flinkdink

DIE SR-subkomitee vir Akademiese Belange loods 'n interkoshuis algemene kennis-kompetisie op Maandag 3 Mei. Die kompetisie is gebaseer op die Flinkdink-formaat en sal oor drie rondtes beslis word.

Die doel van die kompetisie is om interdepartementele skakeling te verbeter en om dié rede sal heelwat van die vrae handel oor die verskillende universiteitsdepartemente.

Die vraestellers vir die uitdunne sal uit akademici van die universiteit bestaan en die vrae sal ook deur hulle opgestel word. Daar word tans onderhandel om mnr Edwill van Aarde van Flinkdink-faam te kry om die finaal te behartig.

In elke uitdun sal drie spanne teen mekaar meeding en die eerste daarvan vind op 3 Mei in die SR-raadsaal plaas. Die spanne bestaan uit twee lede en inskrywingsfooie beloop twee rand per persoon.

Verdere uitdunrondtes vind op 5 en 6 Mei plaas met die finaal op 24 Mei.- *Marius de Jager*

## Universiteit 75 jaar oud

DIE US het onlangs sy 75ste bestaansjaar gevier. Die Victoriakollege het op 2 April presies 'n driekwarteeu gelede die Universiteit van Stellenbosch geword.

Die verjaardagvieringe is deur die President van die Konvokasie, prof Bun Booyens, geopen met 'n uitstalling getiteld "Universiteit van Stellenbosch: 75 jaar" in die Eben Döngessentrum.

Die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries, het gedurende dieselfde week 'n feeskonsert vir genooide gaste in die Endlersaal aangebied.

Op 2 April is 'n spesiale gradeplegtigheid in die HB Thom-teater gehou, waar tien eredoktorsgrade toegeken is. Twee daarvan is aan buitelanders toegeken, by name proff Paul Ricoeur en James Watson. Dié eregrade is in hulle afwesigheid toegeken.

Die ander eredoktorgrade is onder andere aan prof Gawie Cilliers, afgetrede dosent van die US en prof Charles Nkabinde, rektor en visekanselier van die Universiteit van Zululand toegeken. - *Anna-Retha Kriel*

## Neelsie-planne sloer

DIE Luckhoff-skool in Banhoekweg staan reeds 'n geruime tyd lank leeg nadat die vorige gebruikers van die gebou, die Kayamandi Skool, dit moes ontruim sodat dit as alternatief vir die Langenhoven Studentesentrum gebruik kon word terwyl strukturele veranderings aan die gebou aangebring word.

Daadwerklike pogings om hierdie plan in werking te stel, het nog nie gerealiseer nie. Gevolglik is die Neelsie tans nog onveranderd en staan die Luckhoff-skool leeg.

'n Woordvoerder van die US se afdeling Openbare Betrekkinge, mnr Hans Oosthuizen, het by navraag gesê dat geen definitiewe besluit nog geneem is met betrekking tot die lot van die Neelsie nie. Probleme word ondervind met privatisering, veral in die lig van die ekonomiese klimaat waarin die land tans verkeer.

Volgens mnr Oosthuizen hoop hulle egter om binne die volgende twee weke 'n finale besluit te neem. Dan sal daar ook bekend gemaak word wat met die Luckhoff-skool beoog word en of dit as alternatief vir die Neelsie gebruik sal word. - *Caryn Voigt*

# KP-tak op Tukkies gedisaffilieer

Deur EWALD KELLERMAN

DIE studentetakke van die Konserwatiewe Party en die Afrikaner Jeugunie (AJU) is onlangs deur die Tukkie-SR gedisaffilieer nadat 'n vergadering, wat deur mnr Carl Niehaus van die ANC toegespreek is, deur regsgesinde studente ontwrig is.

Dié twee organisasies het geweier om hulle te distansieer van die optrede van die betrokke ontwrigters.

'n Senaatsvergadering, waarin die disaffiliasie bekragtig is, is belê nadat die KP en die AJU appél aangeteken het teen 'n studenteraadsbesluit om hulle te disaffilieer. Volgens die KP is dit onregverdig om 'n organisasie te disaffilieer bloot omdat hulle "weier om iets te sê".

Mnr Niehaus is 'n paar keer gedurende sy toespraak deur KP-gesindes en lede van ander regse groepe onderbreek. Die voorsitter van die studenteraad, mnr Marius Alberts, het op die senaatsvergadering genoem dat hy getuienis het wat dui op doelbewuste optrede van die KP-tak om die vergadering te ontwrig. Tog voel die KP hul disaffilliasie is 'n miskenning van hul vryheid van spraak.

Verskeie sprekers op die senaatsvergadering het die feit beklemtoon dat die disaffiliëring nie ten doel het om politieke aktiwiteite te veroordeel nie, maar dat die reëls wat deur die senaat daargestel is deur alle politieke organisasies onderskryf en deurgevoer moet word.

In die Tukkie-studentekoerant, *Die Perdeby*, is dié besluit deur 'n briefskrywer skerp gekritiseer. Mnr Roger Grobler meen dat die verbanning van 'n organisasie die probleem "slegs vereger" en dat die eertydse verbanning van die ANC 'n goeie voorbeeld is van die negatiewe effek wat die verbanning van politieke organisasies kan hê.

Die kwessie van politieke verdraagsaamheid was die afgelope twee jaar 'n brandpunt by Tukkies, nadat twee prominente vergaderings, wat deur onderskeidelik die staatspresident, mnr FW de Klerk, en die president van die ANC, mnr Nelson Mandela, toegespreek sou word, ontwrig is.

Volgens mnr Hermanus Schoeman, voorsitter van die KP-tak, is dit belaglik om iemand op so 'n wyse te disaffilieer en is hulle nie van plan om hul kantore te ontruim nie. Mnr Paul Eek, voorsitter van die AJU, sê hy is van plan om die saak verder te voer by die volgende senaatsvergadering.




Foto: WALTER PITSO

Ontevrede regsgesindes ná die kontroversiële besluit.

# Fort Hare sluit oor onrus

Deur HANNETJIE BOS

DIE Universiteit van Fort Hare in Ciskei is op 13 Maart onbepaald gesluit deur die rektor, prof Bengu. Hierdie besluit is geneem na amper 'n week van onrus op die kampus.

Die onrus het gevolg op 'n insident waar studente toerusting en voedselvoorrade ter waarde van R250 000 in die hoofkombuis op kampus beskadig en ook daarvan geroof het.

Toenemende ongelukkigheid oor probleme wat voedselvoorsiening en verspreiding op kampus betref, het onder studente van die universiteit ontwikkel. Na bewering is studente soms nie voorsien van etes nie, alhoewel hulle bespreek het. Ander het weer gekla dat hulle die verkeerde etes ontvang het. Verdere ontevredenheid het ook ontstaan oor die stygende kostes van etes.

Al hierdie faktore het gelei tot die insident in die hoofkombuis.

In reaksie hierop het die universiteitsowerhede saam met 'n privaat sekuriteitsfirma die universiteitskoshuise die volgende dag deursoek. Die ondersoek kon nie voltooi word nie, want die sekuriteitsbeamptes is deur die studente verjaag. Hierop het die universiteit die Ciskeise polisie ingeroep om buite die universiteit wag te staan.

Daar is vyftien studente met universiteitsvoorade in hul besit gevind en hulle is tydelik geskors.

Studente het daarna tydens 'n studenteraadsvergadering die opheffing van die skorsings geëis.

Die volgende dag het sekere studente self 'n vergadering byeengeroep in reaksie op 'n omsendbrief waarin prof Bengu die studente amptelik ingelig het oor die skorsing. Hy het sy kommer uitgespreek het oor die voorkoms van "toemende misdaad op kampus" en het onder meer verwys na die "booswigte wat die hoofkombuis geplunder het."

Die studente het besluit om klasbywoning te staak tot tyd en wyl hulle probleme aangespreek word, asook om 'n protesoptog na die administrasiegebou te organiseer en dan 'n lys van probleme wat hulle ondervind aan die owerhede te oorhandig.

Hierdie optog het nie plaasgevind nie, omdat daar om 08:00 op die oggend van die beplande optog 'n amptelike omsendbrief verskyn het, waarin die studente beveel is om die kampus voor 12:00 die middag te ontruim.

Die universiteit het weer op 13 April geopen en sover as wat vasgestel kon word het die situasie na normaal teruggekeer.

Die vyftien geskorste studente se saak is op 26 Maart verhoor. Geen inligting is nog oor die afloop van die saak beskikbaar nie.

# Inkomtye op UPE afgestel

Deur DANIE STEENKAMP

INKOMTYE by die Universiteit van Port Elizabeth (UPE) is onlangs afgestel.

Dié universiteit volg nou 'n stelsel waar 'n sekuriteitswag deurnag toegang aan vrouestudente tot hulle koshuise verleen, indien 'n toepaslike studentekaart vertoon kan word.

Die UPE-kampus is in 'n geslote eenheid en alle studente moet eerstens by die hoofingang aanmeld voor hulle kan inkom. Daarna laat weet die wagte by die hek deur middel van radio's die wagte wat rondom die koshuise patroleer dat iemand onderweg is.

Die afstand tussen die hoofhek en die koshuise is drie kilometer en die pad loop deur bebosde gebied. Volgens die SR-lid vir die vrouekoshuis Melodie, me Heidi van Zyl, laat dié stelsel dit toe dat kontrole gehou kan word of vrouestudente veilig by hulle koshuise aankom.

Senior vrouestudente moes in die verlede voor twaalf in hulle onderskeie koshuise wees.

Die besluit om die nuwe stelsel te gebruik is deur die huiskomitees, prims en koshuismoeders geneem nadat koshuislede gekla het oor die ongerief wat inkomtye veroorsaak.

Nog 'n nuutjie op die UPE-kampus is besoektye van vrouestudente aan manskoshuise.

Die US-studenteraadslid vir vrouekoshuise, me Hanlie Linde, wys daarop dat inkomtye nie meer so 'n geskilpunt aan die Universiteit van Stellenbosch is nie. Volgens haar is die meeste vrouestudente oor dié aangeleentheid tevrede gestel nadat stemmings by die onderskeie vrouekoshuise gehou is. Elke koshuis aan die US kon stem of daar by die betrokke koshuis tot so laat as 03:00 gedurende naweke toegang verkry kan word.

Die primkomitee aan die US beywer hulle nou vir twee weeklikse mansbesoektye aan vrouekoshuise.

# KAMPUSFLITSE

## Karnavaldag geskrap

KARNAVALDAG is amptelik deur die administrasie van die Universiteit van Grahamstad geskrap.

Dié stap is geneem in 'n poging om alkoholmisbruik te bekamp asook om soortgelyke skade as dié wat vanjaar aangerig is, te verhoed. Skade van sowat R4000 is op karnavaldag aangerig.

Volgens die SR-voorsitter, Mnr Ibrahim Seedat, is karnavaldag vir ten minste een jaar geskrap. Ander karnavalprojekte wat deur die universiteit se administrasie goedgekeur word, sal normaal voortgaan.

## ANC-tak dalk op Tukkies

'N ANC-tak gaan moontlik op die kampus van die Universiteit van Pretoria gestig word.

Dit sal in oorleg met die South African Student Congress (Sasco) gedoen word. Volgens linksgesinde studenteleiers word die stigting van die ANC-tak beplan omdat daar leemtes in die politieke spektrum op die kampus bestaan.

Baie linkse studente het wel in Sasco 'n tuiste gevind, maar Sasco is egter nie 'n politieke party nie.

Die beplande stigting van die ANC-tak sal in oorleg met die ANC se NUK, Sasco en SASCO-Tuks gedoen word.

# SASCO voices grievances

Deur KAREN SMITH

LAST Thursday (April 22) a group of approximately 30 people, presumably members of the South African Students Congress (Sasco), occupied the eighteenth floor of the University of Port Elizabeth's (UPE) main building, where the Rector and Vice-rector's offices are situated, the university said in an official press release.

A large group later occupied the foyer and the SA Police eventually had to be called in. There were, however, no incidents.

The occupation seems to have taken place after the rector, prof Hein Redelinghuys, cancelled a meeting urgently requested by Sasco due to his "busy schedule". Instead, prof Redelinghuys issued a written reply to Sasco's complaints regarding racism in university residences, the visit of mr Eugene Terre'Blanche and the inauguration of the new chancellor.

The rector replied that he was unaware of any incidents of racism in residences and that none had been reported. He suggested that the issue be discussed further with the student dean, prof Kotie Grove.

Sasco was very unhappy with the leader of the AWB, mr Terre'Blanche's planned appearance at the university. The SRC stated that they had issued invitations to both mr Joe Slovo of the South African Communist Party (SACP) as well as mr Terre'Blanche who were to address students at the same occasion. It was decided that mr Terre'Blanche's address should take place under police supervision even though mr Slovo did not accept the invitation.

The inauguration of the new chancellor was also condemned by Sasco because the UPE Council had unanimously chosen the chancellor without conferring with Sasco.

Elsewhere in the country Sasco have also been making the news with their call on members to occupy and disrupt white schools as well as universities. Regional chairman of Sasco, mr Peniel Mashele, stated that the organization "does not understand Mandela's call for calm".

ACCOMODATION OFFERED

*Students needing a quiet environment house with*

- Four bedrooms
- Magnificent view
- 3-minute drive to village centre

PHONE LORRAINE (024) 51-3208

Colins Bestuurskool

Vir professionele opleiding volgens die jongste toetsmetode (K53). In Noordelike voorstede/Stellenbosch/Paarl/Wellington-omgewing. Lid van SAIDI. Ook onderrig in leerlinglisensie.

Skakel (02211) 63-1532 tussen 08:00 en 17:00 of (021) 981-6213 na ure.

Motorfiets- & Buiteboordmotore

Gewaarborgde herstelwerk teen billike tariewe.

Gratis optel & aflewering in Stellenbosch-omgewing.

Stellenbosch Tegniese Dienste



ankenbrug Stellenbosch Tel 75059

FOTO STUDIO LOCKLEY
EIEN. COR LANGENBERG
DIE STUDENT SE AMPTELIKE FOTOGRAAF
*Vir al u foto's:*
DIE BESTE
RUGBYGROEPE, HUISFOTO'S, PORTRETTE ENS.
PASPOORT- EN I.D.-FOTO'S TERWYL U WAG EN
GRADEPLEGTIGHEDE.
DIE GOEDKOOPSTE
TEL. (02231) 833131
Pleinstraat 21, Langs Saambou, Stellenbosch.

# Wat om te doen en sê

## Terwyl Suid-Afrika rou oor die Chris Hani-moord, toon US min reaksie

**Die dood van SAKP-leier Chris Hani het gemengde gevoelens dwarsoor die land ontketen. Onduidelikheid het veral geheers oor die aard van die reaksie wat van akademiese instellings verwaf word. ALBERT BUCKLE en MARELIZE GÖRGENS het gaan ondersoek instel oor gevoelens aangaande die US se reaksie.**

Met die dood van mnr Hani het verskeie politieke- en gemeenskapsleiers hul meegevoel met die familie van die oorledene betuig. Regoor Suid-Afrika het verskeie vlae halfmas gehang en is 'n minuut stilte by sportbyeenkomste gehandhaaf.

Sekere skole en fabrieke het vir die dag van die beplande massaoptrede en die begrafnis hul deure gesluit. Verskeie universiteite het ook op die dood van mnr Hani gereageer, maar die verskil in reaksie was opvallend, veral inaggenome universiteite se universiële rol in die samelewing.

> "Hoewel mnr Hani 'n gerespekteerde mens was, voel die SR dat sy dood nie 'n klasvrye dag op Stellenbosch noodsaak nie." – André van der Spuy

Sommige universiteite het vir die dae van die massaoptrede en begrafnis gesluit en ander nie. Van die wat gesluit het, het almal weer nie om dieselfde rede gesluit nie.

Die Universiteit van Kaapstad (UK) het vir die dag van die begrafnis gesluit en die redes hiervoor as volg verwoord:

"Die besluit om die universiteit te sluit op Maandag, 19 April, is 'n uitbreiding van ons simpatie met wyle mnr Hani se familie. Dit onderstreep ons afkeur in die sluipmoord van 'n leier wat 'n belangrike deelnemer aan die vredesproses was.

"Hiermee saam is dit 'n openbare herbevestiging van ons verbintenis tot vrede in die nuwe Suid-Afrika."

Die Universiteit van Natal was ook vir die dag van die begrafnis gesluit, maar het in hulle amptelike verklaring meer praktiese redes aangevoer.

"In die lig van huidige omstandighede het ons dit goedgedink om die universiteit te sluit. Die vorige Woensdag is die kampus op aandrang van die Polisie ontruim en ons wou nie Maandag 'n herhaling hiervan hê nie."

By die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) het betogings en optogte studente verhinder om meeste van hulle klasse by te woon. Dié universiteit is die Maandagmiddag weens "praktiese en sekuriteitsredes" gesluit.

Die Universiteit van Wes-Kaapland en Rhodes Universiteit se deure was ook op die dag van die begrafnis gesluit.

Klasse by die US het, soos by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS), normaal verloop. Die US het geen amptelike verklaring oor die Hani-moord uitgereik nie. Die vlag voor Administrasie het wel Maandag 19 April halfmas gehang "in meegevoel met die algemene toestand waarin die land op die oomblik verkeer."

Daar is ook twee gedenkdienste in onderskeidelik die Studentekerk en die Kweekskool gehou. Op 'n vraag of daar 'n mosie van roubeklag voor die Senaat gedien het, het mnr Douglas Davis, direkteur van Openbare Betrekkinge, daarop gewys dat so 'n mosie slegs dien as 'n lid van die Senaat tot sterwe kom.

> "Solank ons op Stellenbosch so min swart studente en nog minder swart akademici het, kan 'n mens nie verwag dat daar meer sensitiwiteit moet wees nie." – Prof Phillip Nel

Mnr André van der Spuy, SR-voorsitter, het by navraag oor die US se reaksie op die Hani-moord gesê: "'n Klasvrye dag is nie die enígste manier om respek te betoon aan mnr Hani nie. Die meerderheid SR-lede voel dat die universiteit 'n meer pro-aktiewe gebaar daar kan stel wat iets meer positief kan bereik. Hoewel mnr Hani 'n gerespekteerde mens was, voel die SR dat sy dood nie 'n klasvrye dag op Stellenbosch noodsaak nie."

Hy het egter bygevoeg dat daar, as gevolg van die geweld in die land, 'n vredesoptog in die nabye toekoms op kampus beoog word.

Mnr van der Spuy het ook gevoel dat die universiteit wel 'n amptelike verklaring moes uitgereik het en dat die een van die redes hoekom die SR nie 'n verklaring uitgereik het nie, was dat hulle verwag het die universiteit dit sal doen.

Baie dosente is ongelukkig oor gissings wat spruit uit 'n berig in die weekblad *South* van 24 April. In die betrokke berig word beweer dat die Uitvoerende Komitee (UK) van die Universiteit 'n verklaring opgestel het wat meegevoel betuig met die Hani-familie en 'n oproep tot verdraagsaamheid gedoen het.

Die verklaring is toe deur die aangewese Rektor, prof Andreas van Wyk, aan die voorsitter van die Universiteitsraad, dr Dawid de Villiers, voorgelê, wat dit na bewering afgekeur het. Volgens *South* was sy presiese woorde dat daar "oor my dooie liggaam" so 'n verklaring uitgereik sal word.

Na aanleiding van bespiegelinge in *South* het mnr Jannie Momberg, ANC-LP vir Simonstad, aan Die Matie gesê dit sou ontstellend wees as die Universiteit nie eers ten tyde van iemand se dood verby kleinlikhede kan kyk nie. Hy voeg by dat die US darem nie heeltemal apaties teenoor die gebeure gestaan het nie en ten spyte van hul verbintenisse met sekere organisasies wel moeite gedoen het om meegevoel te betuig.

Hy het gesê dat die roudiens in die Studentekerk 'n positiewe teken was, maar dat die afwesigheid van die US topstruktuur by die roudiens baie jammer was en 'n negatiewe boodskap uitgestuur het.

Daar is diegene wat van mening is dat die US, deur nie 'n verklaring uit te reik nie, hulself polities onbetrokke gehou het. Prof Gerhard Erasmus van die departement Publiekreg, meen egter dat hierdie argument nie water hou nie. Volgens hom sê 'n mens partykeer meer deur niks te sê nie en is die gebrek aan 'n verklaring opsigself 'n politieke gebaar.

### Alternatiewe

Reaksie van US dosente op die hantering van mnr Hani se dood was oorwegend negatief. Sekere dosente het die besluit dat geen verklaring uitgereik word nie, betreur. Hulle het sterk standpunt ingeneem oor 'n moontlike alternatiewe reaksie.

"'n Klasvrye dag was waarskynlik nie nodig nie, maar wel 'n goed bewoorde verklaring deur die universiteit en deur die SR. Dis darem regtig die minste wat 'n mens kon verwag. Ons moet in hierdie delikate oorgangsfase waarin ons verkeer, nie die belangrikheid van prominente leiers en die gevolge van hul dood onderskat nie," meen prof Sampie Terreblanche van die Departement Ekonomie.




Ook prof Phillip Nel, dosent in Politieke Wetenskap, voel dat dit nie die US se verantwoordelikheid is om te sluit met die begrafnis van politieke figure nie.

"Ek sou dus graag wou sien dat die universiteit in 'n verklaring meegevoel betuig met mnr Hani se familie en vriende en 'n oproep tot verdraagsaamheid doen. Ek sou egter nie beswaar gehad het as die universiteit gesluit het nie."

Prof Nel voel verder dat die gebrek aan 'n amptelike verklaring net nog 'n bevestiging is van die onsensitiwiteit wat op Stellenbosch heers.

> "Ons moet in hierdie delikate oorgangsfase nie die belangrikheid van prominent leiers en die gevolge van hul dood onderskat nie." – Prof Sampie Terreblanche

"Solank ons op Stellenbosch so min swart studente en nog minder swart akademici het, kan 'n mens nie verwag dat daar meer sensitiwiteit moet wees nie."

Die polemiek rondom US se reaksie op die Hani-moord laat 'n mens wonder of 'n universiteit standpunt oor politeke knelpunte moet inneem of nie. Oor die rol van die US in Suid-Afrika het dosente definitiewe menings gehuldig:

Prof Terreblanche glo dat alle universiteite in Suid-Afrika verbind moet wees tot diensbaarheid aan al Suid-Afrika se mense, ongeag hul kulturele agtergrond.

"Tot nou toe het die universiteit weinig bewys gelwer dat hy 'n funksionele bestanddeel van die (ware) Nuwe Suid-Afrika wil wees," het prof Terreblanche homself verwoord.

Voorts meen hy dat die feit dat die universiteit nog nie uitdruklik en onomwonde standpunt ingeneem het ten gunste van 'n program regstellende optrede nie en ook bereid is om te erken dat die uni siteit 'n inherente deel van die m strukture was wat vir struktu verontregting verantwoordelik nie ernstig betreur moet word.

Prof Erasmus huldig dieselfde ning, maar sê verder dat die uni siteit partykeer die moed aan dag moet lê om hul ondersteun korps te lei.

"Die Suid-Afrikaanse gemeens is besig om te verander en ons universiteit moet dit vir onsself delik maak wat die implikasies hierdie veranderinge vir die uni siteit is."

Prof Nel voel dat hierdie rigt loosheid by Stellenbosch te wyt aan diepgesetelde strukturele f in die US topbestuur. Volgens h kniehalter dit US se potensiële ro die samelewing.

"Die universiteit word amper 'n korporasie bedryf, waar die v sitter van die Raad en die rektor voerende amptenare is wat besl neming soos sakeleiers hanteer, der om werklik verantwoordin doen. Daar is dus 'n gebrek demokratiese besluitneming."

Dit word beweer dat dit nie die bestuursliggame van die uni siteit is wat onseker is oor hul ro die samelewing nie, maar ook dente. Prof Hennie Kotze, dosen Politieke Wetenskap, som die si sie as volg op:

"Dit is ongetwyfeld so dat v Afrikaanssprekende blanke stu te polities meer onbetrokke is as eweknieë. 'n Belangrike rede h voor is dat hulle volle vertrou die staat gehad het om vir hulle sorg'. Daar was dus geen rede om die openbaar te agiteer om eise behoeftes onder die politieke le se aandag te bring nie.

"'n Ander gevolg van hierdie p tieke ongeletterdheid is dat meeste mense nou vreesbevange die toekoms kyk en 'n besef het die uitdagings wat voorlê nie. D om is dit ook vir hulle moeilik o konstruktiewe bydrae tot die p tieke debat en die oplossing van p bleme te maak."

Die stof rondom die dood Chris Hani is stadig besig om gaan lê en so ook die ontevre heid oor die US se reaksie. Wat e bly, is die onsensitiewe beeld baie Suid-Afrikaners van die US

Dit wil dus blyk asof die gem skap met verwagting na Stell bosch kyk en slegs gelei sal w deur deurdagte en konsekwente trede wat binne 'n bepaalde st tuur plaasvind.

Verslaggewing deur: Janice Hen Nicola Schoeman

# The man: Martin Thembisile Hani

By JANICE HENNING

THIS is a closer look at the man that the British press hail as:"The Warrior King, The Black Prince, Hope of Black Africa and the Embodiment of the rising younger generation."

The South African press had the following on their front pages after the Hani assasination: "Militant to peace-maker", "Omstrede MK hoof tot voorstander van versoening", "Duif in valk-klere."

This same man was one who loved the poets Keats and Shelley, who's favourite author was Shakespeare and whom at twelve years was transferred to another school because he wanted to become a priest. Here follows the briefest outline of Martin Thembisile Hani's (better known as Chris Hani) life.

**28 June 1942** Born in Cofimvaba, Transkei, to Mary and Gilbert Hani. He was one of six children. He completed his schooling at Lovedale Institute, Alice and attended Fort Hare University.

**1962** Received his BA degree in English and Latin from Rhodes University. Mr Hani's political ideas were moulded by his study of Latin and the classics and he was also strongly influenced by Govan Mbeki, father of Thabo Mbeki.

**1957** Mr Hani joined the ANC

**1960** ANC was banned from SA

**1962** Mr Hani joined Umkhonto we Sizwe (MK) and became a member of its Western Cape leadership.

**1963** Arrested under the Suppression of Communism Act. He was released on bail pending an appeal which was refused.

**1963** Mr Hani leaves SA to undergo military training.

**1967** Appointed as Commissar of Luthuli division of MK. Mr Hani fought in Rhodesia with Joshua Nkomo's Zimbabwe African People's Union.

**1974** Appointed to the National Executive Committee of the ANC.(The youngest ever at 32yrs)

**1981** Mr Hani was one of the mary targets, but one of the few vivors of the Maseru raid of SADF.

**1982** Mr Hani is appointed De commander of MK and Army p cal commissar.

**1987** Takes over from Joe Slov MK chief-of-staff.

**1990** Mr Hani returns to SA u temporory indemnity.

**1991** Elected as leader of SA C munist Party (SACP), despite o sition from MK. After his app ment as SACP leader, Mr H toned down his speeches critic violence.

**6 April 1993** Last public sp criticising the PAC for contin the armed struggle.

**10 April 1993** Mr Hani is murd outside his home. Mr Hani is vived by his wife, Limpho, and t daughters, Neo, 20, a final ye Comm student at UCT, Noma wezi, 15, and Lindiwe, 11.

# Tonge wapper oor rooi vlag

**Die roudiens vir ontslape mnr Chris Hani, sekretaris-generaal van die SAKP, verlede Woensdag in die NG Studentekerk het wye reaksie ontlok. MARELIZE GÖRGENS het gaan vasstel of die kritiek jeens die diens onder omstandighede regverdigbaar was.**

VIR menige Suid-Afrikaner is 'n volksheld en geliefde leier op Saterdag 10 April voor sy huis in Boksburg in 'n sluipmoordaanval vermoor. Vir baie ander Suid-Afrikaners was Chris Hani niks meer as 'n geharde kommunis en ateïs nie. Dit is juis in hierdie skerp kontras waar die polemiek rondom die gedenkdiens opgesluit lê.

Volgens 'n verslag wat deur die Raad vir Kerklike Samewerking op Stellenbosch (RKSS) gepubliseer is, het dié liggaam 'n versoek van die Hani-familie, wat in Kaya Mandi woon, ontvang om 'n roudiens te hou.

"Die RKSS het dit as 'n geleentheid gesien om nie net meegevoel te betuig met medegelowiges (baie van die familie is Christene) in rou nie, maar ook om te midde van die uiters gespanne en plofbare toestand in ons land 'n bydrae te maak tot die so nodige versoeningsproses."

Omdat die Studentekerk die grootste kerk op Stellenbosch is, is die leraars genader om te hoor of hulle enige besware teen so 'n diens in die Studentekerk sou hê.

Die leraars het ingestem tot so 'n diens, en tydens hierdie gesprek het die RKSS onderneem dat "die byeenkoms werklik 'n geestelike byeenkoms sal wees waar die evangelie verkondig sou word en dat die diens in die teken van versoening en vrede sou staan en as 'n gebedsgeleentheid gebruik sou word."

Volgens 'n verklaring wat deur Studentekerk se leraars uitgereik is, het daar "tydens die onderhandelings 'n versoek van die familie aan die RKSS gekom dat 'n geleentheid gegee sal word vir twee sprekers vooraf wat ook 'n oproep tot rustigheid en kalmte op die diensgangers sou maak. Die RKSS het in die lig van omstandighede hiertoe ingestem.

Die werklike polemiek wat rondom die diens ontstaan het, het ontvlam nadat daar 'n SAKP-vlag agter teen een van die kerk se galerymure vasgemaak is. Hierdie vlag is later op aandrang van die beheerbeamptes verwyder.



Reaksie op hierdie diens het gewissel van baie negatief tot baie positief. Dit wil voorkom of die swart gemeenskap dit as 'n teken van versoening gesien het. Ds Simon Adams, leraar van die Volkskerk, het in 'n brief aan die Studentekerk gesê dat hulle glo dat "die oorweldigende positiewe respons op en dankbaarheid vanaf die Hani-gesin, die ANC en die Kaya Mandigemeenskap, vir jul bereidwilligheid om die kerkgebou beskikbaar te stel, getuig van 'n diep Christelike en helende handeling."

Die diens is met gemengde gevoelens deur lidmate van die Studentegemeente begroet, alhoewel niemand, volgens ds Frederick Marais, predikant van die Studentekerk, onversetlik was nie.

Negatiewe reaksie is veral uit gevestigde blanke belangegroepe ondervind. Daar is diegene wat ontsteld was dat "kommuniste in 'n kerk toegelaat word", terwyl ander weer gemeen het dat dit nie die NG kerk se plig was om 'n gendenkdiens vir 'n "ateïs" in 'n kerkgebou te hou nie. Party mense het pront-uit gesê dat die kerk nie vir politieke byeenkomste gebruik behoort te word nie.

Dr Martin Pauw, voorsitter van die RKSS, het gesê dat "God groter is as 'n vlag in 'n kerk en dat die feit dat so baie mense die Woord gehoor het, as 'n deurbraak gesien behoort te word." Hy het ook daarop gewys dat die diens nie vir die oorledene gehou is nie, maar vir sy familie wat agtergebly het.

Daar is diegene wat voel dat die kerk as 'n instrument deur die betrokke politieke partye gebruik is. Dr Pauw voel egter dat die politieke sprekers nie die kern van die diens was nie. Voorts sê hy ook dat die teenwoordigheid van juis mnr Joe Slovo, voorsitter van die SAKP, en mnr Allan Boesak vir hulle net so 'n groot verrassing was.

Ds Frederick Marais, leraar van die Studentekerk, sê dat onverantwoordlike joernalistiek die grootste oorsaak van al die negatiewe bohaai was. Volgens hom het *Die Burger* die diens uit 'n politieke bril bekyk en gepoog om om lesersvrese in 'n alreeds plofbare situasie aan te wakker. Deur te fokus op een vlag, het hulle 'n katalisator gevind om mense bang te maak, het hy sy gevoelens hieroor verwoord.

Hy voel ook dat Pieter Spaarwater in sy rubriek "Van Alle Kante" heeltemal ongevraag opgetree het deur na die kerkgangers se ritmiese sang en dans te verwys as "die bobbejaandans wat die toyi-toyi genoem word."

Hantie Kotze, bestuurslid van Studentekerk se Kerk Jeug Aksie (KJA), voel dat die diens uit 'n wyer perspektief bekyk moet word. Voorts sê sy dat die joernalistiek skreiend was en dat swak en foutiewe beriggewing (*Rapport* het berig dat Joe Slovo op die preekstoel gestaan het) die hele polemiek veroorsaak het.

Ds Adams is ook van mening dat die joernalistieke tendens om die dramatiese uit te lig baie negatiewe kommentaar uitgelok het. "Ongelukkig is die ondubbelsinnige oproep tot vrede en versoening vanaf elke spreker, asook die belangrikheid van die diens as 'n teken van versoening, totaal geïgnoreer."

Die moderamen van die NG Kerk in Wes-Kaapland het in 'n verklaring dit duidelik gestel dat die leraars en kerkraad van die NG Studentekerk nie verantwoordelik gehou kan word vir die vertoon van die SAKP vlag in dié kerk nie.

Ds Marais het verder gevoel dat die enigste rede waarom die Studentekerk die enigste NG Kerk in die land was wat 'n diens gehou het, is omdat NG Kerke tradisioneel met die blanke belang geassosieer word. Aangesien die hartseer oor die sluipmoord meestal in die swart gemeenskap was, voel hy dat dit arrogant sou wees van NG Kerke om dienste te reël. Hy het gevoel dat die opregtheid van hul bedoelings in twyfel getrek sou word.

In die verlede is daar al baie geskryf en gepraat oor 'n kerk se rol in landsake. In hierdie geval lyk dit egter asof die samekoms ter goeder trou gereël is met die suiwerste bedoelings in die oog.

"Wat 'n mens wel kan leer uit hierdie hele storie is dat dit, hoe tragies dit ook al klink, riskant geword het om lief te hê, veral as jy liefhet oor die grense van gevestigde belangegroepe. Dit mag 'n mens egter nie keer om dit te doen nie," het ds Marais die situasie opgesom.

**KENNISGEWING:**

Die Eenheid vir Kliniese Sielkunde bied groepterapeutiese sessies aan vir studente om spanning en angstigheid tydens eksamens en toetse beter te hanteer.

Dit sal duur vanaf 10 Mei 1993 tot 27 Mei 1993 en bestaan uit ses sessies (twee sessies per week).

Indien jy belangstel, skakel mej Swanepoel (774994), mev Van der Merwe (774970) of mnr Boshoff (773663) voor 6 Mei, of meld aan by die Eenheid vir Kliniese Sielkunde, Victoriastraat 49, voor bovermelde datum.

Deelname is gratis en vertroulik.

**Almal is welkom**


Good Hope Cafe

Plein Street 25
Stellenbosch

PHONE 9-8901 FOR ORDERS

Take Away Prices

| | |
|---|---|
| Good Hope Burgers | R4,30 |
| T/Bacon en eggs | R3,75 |
| Plain Hotdogs | R3,00 |
| Russian Rolls | R2,70 |
| Chips | R2,20 |
| Meat Pies | R2,70 |
| Chip Roll | R2,75 |
| Soup | R1,50 |
| Pizza Slice | R1,80 |
| Lasagne | R5,70 |
| Tamato Stew | R5,70 |
| Curry & Rice | R5,70 |



Weet jy iets wat ons moet weet?

Bel Die Matie by 5979



THE NEW UPSTAIRS

RESTAURANT & PUB

NOW FULLY LICENSED

OPEN

EVENINGS FOR WINE, DINE & DANCE

FOOD SPECIALS

| | |
|---|---|
| T-BONE 400 g | R15-95 |
| 1 1/2 PIZZA AND 2 SOSATIES | R15-95 |
| 1½ CRAYFISH AND CALAMARI | R25-00 |

LIVE ENTERTAINMENT

EVERY EVENING RELAXING MUSIC TILL 9.30, THEN THE PARTY STARTS

BIRD STREET 134A, ABOVE DISKOM, TEL. 4195

**Die Matie**

Redaksionele Kommentaar

DONDERDAG 29 APRIL 1993

## *Dit ís ook ons probleem*

IN die geskiedenis van Suid-Afrika is soveel dogters en seuns al in die stryd begrawe dat die land al soos een groot begrafnis begin lyk het. Dit was lanklaas so skreiend soos die afgelope drie weke.

Twee getroue patriote is reeds in Chris Hani en Andries Treurnicht begrawe, en binne die volgende week volg die oud-president van die ANC, Oliver Tambo.

Aan die een kant sit ons met die hartseer van een man wat die wêreld waarmee hy grootgeword het voor sy oë sien verander het, en hoe hy ookal baklei het om terug te wen wat hy verloor het, kon hy niks doen om die momentum van verandering te keer nie.

Aan die ander kant word ons gekonfronteer met die tragedie van twee mense wat hul lewe daaraan gewy het om die lot en omstandighede van hul landgenote te verbeter; net toe dit lyk of die Suid-Afrika van vrede, geregtigheid en demokrasie werklik onvermydelik geword het, sterf hulle sonder om die tevredenheid van 'n gewonne stryd te ervaar.

Miskien moes ons nie so onkant gevang gewees het deur hoe die land opeens ontplof het na die Hani-sluipmoord nie. Die status quo van ons abnormale en gewelddadige samelewing is steeds só sterk dat ons eers bekommerd word as die verwoesting ons winkelvensters en begrafplase bereik. Nietemin het dit skielik net weer pynlik duidelik geword hoeveel haat daar onder die oppervlak skuil en hoe beproewend die volgende paar dekades eintlik gaan wees.

En terwyl die res van die land in 'n semi-oorlog gedompel is, gaan die lewe op Stellenbosch voort. Behalwe vir die gedenkdiens in die Studentekerk het Maties maar soos gewoonlik hul bekommer oor die toetsreeks en ander belangrike kampusaktiwiteite. Selfs die halfmas-vlag voor Admin was eintlik 'n anomalie binne die ongeërgdheid oor sake wat Stellenbosch kwansuis nie raak nie.

Dit beplande vredesoptog is 'n silwer randjie aan dié donker wolk, en die poging om die gemeenskap van Stellenbosch ook te betrek is verblydend. Die lank-agterstallige opbou van 'n beter verhouding tussen die universiteit en veral die swart gemeenskap kan vir alle partye van onskatbare waarde wees.

Die feit dat die inisiatief uit studente-geledere kom laat 'n mens dink dat daar darem so 'n handjievol studente is wat die regte idee beet het. As ons Afrikaner-studente ons uiteindelik kan losmaak van die indoktrinasie van ons skooljare en besef dat ons eintlik nie meer ons tasse in ons regterhande hoef te dra nie, kan ons groot dinge laat gebeur.

Deur die eeue was dit juis studente wat die toon aangegee het in die sake van die dag; hulle idees en besware het die verloop van die geskiedenis verander.

Sommige Engelse en veral swart studente, uit die aard van hul omstandighede, het die boodskap sterk en duidelik gekry. By 'n tradisioneel swart universiteit soos Fort Hare beskou die bestuur van die universiteit die kritiese instelling van hul studente nie eers net as aanvaarbaar nie, maar selfs as prysenswaardig.

Dit laat 'n mens wonder hoe Stellenbosch daar sal uitsien as studente nie hulleself besig hou met ongeoorloofde inisiasie-rites nie en liewer standpunt inneem oor sake wat ons lewens en land wél so nou raak.

## *Sien julle volgende jaar*

HEELWAT mense op kampus het 'n groot sug van verligting geslaak toe die jaarlikse doopstorm nog 'n slag gaan lê het.

Die ondersoek na die doop en die daaropvolgende tugsake was wél 'n duidelike stap in die regte rigting. Dit is egter nogal jammer dat die skuldiges vir alle praktiese doeleindes skotvry daarvan afgekom het.

Dit is ook besonder jammer dat ons moes uitvind dat daar aan elke koshuis wat aangekla is, 'n afskrif van die aanklagte teen hulle uit die vertroulike verslag oorhandig is, ongeag of die name van die informante daarin verskyn het of nie.

Uiteindelik is net twee mense na ons kennis deur hierdie flater beïnvloed, maar een ding is baie duidelik: óf Administrasie verstaan nie die vlak van intimidasie oor hierdie aangeleentheid nie, óf daar word geen waarde geheg aan hul belofte van vertroulikheid van die aangeleentheid nie, óf daar is geen werklike bedoeling om doopwanpraktyke uit te roei nie. 'n Mens kan net hoop dat dit eersgenoemde die geval is.

Ons spreek ons simpatie uit teenoor die koshuise wat voel dat hulle kerngesonde kultuur aangeval word en oningeligte mense besluit oor wat reg en verkeerd vir hulle is. Ons verneem dat hierdie koshuise en hul old boys darem sal saamstaan en nie al swig voor die aanslag teen hulle unieke karakter nie. Mooi so, manne.

# Kampusquotes

**"Julle moet die mannetjie maar gaan uitdun!"**
**"Ja, maar vandag se studente weet mos niks van sulke dinge nie."**
Inwonende hoof van Dagbreek, mnr Tex de Swardt, en 'n vorige inwonende hoof, prof Herman van Niekerk, gehoor in 'n plaaslike supermark.

**"What are we doing in English? Toyota Cressida or something."**
Informed English III student.

**"Ons het geleer dat die US in isolasie leef en nie in voeling is met die probleme van ander gemeenskappe nie."**
SR-voorsitter André van der Spuy in die lig van die afgelope SR-toer na ander universiteite.

**"Dis dof om nie jou morals te compromise nie."**
'n Student se besonder pragmatiese benadering tot die lewe.

**"This time I want blood and am willing to pay anyone R25 for the name of the thief."**
Briefskrywer aan *Die Matie* nadat sy die soveelste keer die slagoffer van vandale was.



Uit: Cape Times

# Stuyvesants en paradokse

**PERSPEKTIEWE & DINGE**



**Marius Visser**

OM te praat van paradokse het in die laaste Hani-lose Indiaanse somer dae so goedkoop geword soos 'n winkelpop op 'n ashoop. Die reeds verskeurde klere van die stelsel het weggedrup soos iets wat teen jou been af biggel. "Biggel" is 'n werkwoord wat beskrywend behoort te wees van 'n traan se abseil teen 'n wang af. Ongelukkig herinner dit meer, vanweë die woord se afrikaansheid, aan 'n trok wat briek.

Hoe dit ook al sy, die lappopstelsel lê huilend op die ashoop en niemand kan *sy* trane meer keer nie. Alhoewel manlik nie die vyand van vroulik is nie - net soos wit nie die vyand van swart, kapitalisme die vyand van kommunisme, en so meer, is nie - gebruik ek tog die manlike voornaamwoord vir *Die Stelsel*. Dis net regverdig. Die regte vyande is egter die leiers. Meestal lui, gestagneerde mans, sonder enige dinamiese kwaliteit, leiers van kapitaliste, nasionaliste, rassiste, studentekoerante, universiteite, en as julle voel die gewone student is nie verteenwoordig nie: hy/sy ook.

As hierdie leiers eens op 'n tyd die belange van die mense op die hart gedra het, steek hulle dit nou goed weg. Iewers in hul donker studeerkamers, tussen *Playboys* en klein swart boekies lê kwynende belange en vergader stof.

Maar iemand is kwaad. Pissed off, actually. So kwaad dat verf van mure afdop as hulle verbykom. Wolke vlug weg en winkelvensters breek in antisipasie. There is hell to pay, and it doesn't take credit cards.

Dis nie die doel van hierdie rubriek (AS dit 'n DOEL het) om die huidige situasie te skets nie, want dis altyd desperaat. Kom ons konsentreer nie op woede nie, maar op oplossings. In hierdie verband het mnre Mandela en De Klerk reeds prysenswaardige bydraes gelewer. In 'n week waarin hierdie rieddakhuisie met petrol deurweek is, het mnr Mandela dit reggekry om almal oor te haal om nie te rook nie. Mnr De Klerk het sy pyp uitgestamp en stilletjies Nicotenel uitgedeel. Mnr De Beer se broek het geskeur en die laaste klein varkie het al die pad huistoe gehardloop.

Vir 'n plek met soveel strooi was daar bittermin vonke. Namens al die lettertjies op hierdie bladsy, 'n hartlike "Howdy!" aan almal wat hul hande in hul sakke gehou het. Dit los ons egter nog met 'n swanger woede op hitte. Hierdie woede is nie vergelykbaar met die skoothondjie wat kef oor die Rooi Vlag in die kerk nie. Laasgenoemde brak is dalk te oud, neuroties en vol rumatiek om te sien dat daar nooit voorheen soveel kommuniste in die kerk was nie. Boonop, van wat ek hoor, is die fisiese gebou nie eers vaagweg die woord "kerk" werd nie. Is die kerk nie meer in die lyn van 'n plek waar "een of meer" in Sy naam vergader nie, of dit nou tussen vier mure of onder in 'n graf sou wees? Geen disrespek bedoel nie.

Die hoofletter-W Woede wat vroeër genoem is, is ook nie vergelykbaar met die poedels van feminisme of die varkhonde van groenregte nie, alhoewel dié twee suiwerder bloed en groter tande het. Nee, liewe sluimerende leser, hierdie woede is glad nie vergelykbaar met enige hond nie. Hoekom ek hierdie beeld gekies het weet ek nie.

Iemand wat regtig pissed off is, is Etienne. Met Suid-Afrika, met die NP, ANC, KP, DP, PAC, met die mense wat teen *Die Matie* is, met die mense wat vir *Die Matie* is, met *Die Matie* self en met my. Met studente, dosente en administrasie.

Sover as wat ek kan aflei is hy pissed off met almal wat hom indoen, dag na dag op sy beginsels trap en dit aan die mat laat vaskleef. Redelik emfaties pissed off, dus. Hy vertel vir my hierdie ware verhaal: Hy ry elke dag dieselfde pad klas toe en elke dag is dieselfde verkeerslig emfaties rooi. Geen simboliek bedoel nie, dit was net bloot die kleur wat mense in karre laat rem trap.

Terwyl hy so sit kom daar 'n swart seuntjie op na hom. Hy dra 'n deurgeskaafte leerhoed en geskeurde blou jeans en hy bedel sigarette. Etienne hou toe sy pakkie by die venster uit sodat die seuntjie een kan vat, maar die kapitalis zik toe die hele pakkie. Ha ha, die lig word groen en baai-baai Stuyvesants. Die volgende oggend het Etienne 'n les geleer en gee net een. Die dag daarna is hy weer haastig en voel skuldig, so hy bied weer sy pakkie aan, in die hoop dat die kiddie die voordeel van die twyfel werd is.

En weer verloor hy sy hele pakkie. So hou dit toe aan vir 'n baie lang tyd, met Etienne se skuldgevoel in gedurende konflik met sy intelligensie. Pissed off is eufemisties vir Etienne se gemoedstoestand, tot die dag na Chris Hani se dood.

Daardie dag stop hy weer by die verkeerslig en raak paniekerig omdat hy 'n carton by hom het. Dit was niks teen hoe hy gevoel het toe hy opkyk en iets soos twintig er... pissed off en stokswaaiende swart jeugdiges sien wat om sy kar saamdrom nie. Hulle het op sy enjin-kap geklim en op hom begin skree in Xhosa. Etienne is ook pissed off dat hy dit nie kon verstaan nie.

En net toe dinge werklik wou begin hand uit ruk, kom daar hierdie klein swart seuntjie aangehardloop, Stuyvesant in die hand en leerhoed op die kop. Hy skree net 'n paar woorde in Xhosa en die hele bende hou op met kwaad lyk en laat vir Etienne gaan.

Nou moet ons regtig ophou praat van woede. Kom ons soek eerder na oplossings in gebeure soos hierdie. Ons hoef nie almal te begin rook nie, maar daar is ander goed, behalwe sigarette, wat ons op straathoeke kan uitdeel. Dis altyd tyd vir iets, en nou is dit tyd dat ALMAL aktief betrokke raak in hierdie ruilhandelskema waarin ons wil leef en werk oor 'n paar jaar.

Ek wou nog iets van paradokse gesê het, maar die plek is op en hulle praat meestal vir hulself.



# BRIEWE

Enigeen kan 'n brief aan Die Matie rig. Die adres is: Die Redakteur, Die Matie, LSS, Victoriastraat, Stellenbosch, of dit kan in die posbus in die Loopgang gepos word. Die redakteur behou die reg voor om die plasing van stof te weier, of om dit vir publikasie aan te pas.

# Inligtingsveldtog slaag nie in doel

Ysbeer, Banhoekweg, Stellenbosch, skryf:

Daar word beweer dat 'n inligtingsveldtog VIGS gaan stop. Voorligting is die inding. Kom ons praat daaroor, ens ens. Ek wonder net wat daar nog oor is om te sê. Ons weet almal hoe jy dit kan kry: seks en vuil naalde. Dan is daar natuurlik nog die onwillekeurige manier,maar die mense by die bloedoortappingsdiens doen wat hulle kan.

Die uiteindelike doel van die inligtingsveldtog word dus om mense só bang te praat dat hulle hulle van dié bronne weerhou. Dit word egter nie so maklik bereik nie. Hiervan kan die kerk, gesinsbeplanners en menige teleurgestelde ouers getuig.

Tweeduisend jaar gelede is owerspelers gestenig, maar owerspelers is nie uitgeroei nie. Daar was altyd nog 'n kans op uitkoms. Vandag ook. 'n Voorbarige prostituut mag aandring op beskerming, maar vir nog 'n paar rand is sy bereid om dié "inligting" te ignoreer. Noem dit danger pay. En as jy desperaat genoeg is vir jou volgende trip, gaan 'n vuil naald en die kans om die virus op te doen jou werklik nie afskrik nie.

As 'n los potjie owerspel jou manier is om opwinding te beleef of jou manliheid/vroulikheid te bewys, gaan 'n addisionele gevaar dit net soveel opwindender maak. "Solank jy net by jou klas bly..."

Natuurlik kan jy verkies om op die randjie van die afgrond te gaan speel: gebruik 'n voorbehoedmiddel en hoop die latex laat jou nie in die steek nie. (Latex is per slot van rekening nie ondeurlaatbaar nie, net baie min deurlaatbaar.)
Geen selfrespektersende lid van die twintigste eeu gaan hom tog vir langer as 'n week van die voortplantingsding weerhou nie.

Maar hoe goed is die kanse dat jy virus in Stellenbosch sal raakloop? Daar is dié wat weet en die wat sê hulle weet. Indien jy nou meneer-/mejuffrou HIV-positief bed toe sleep, wat is jou kanse om die virus op te doen uitgedruk in persentasie per geslagsdaad? Niemand weet nie. As jy die virus opdoen, hoe lank sal dit neem voor die mediese wetenskap jou as HIV-positief brandmerk? Baie weet. Ongelukkig stem hulle nie almal saam nie.

As jy uiteindelik die titel HIV-positief verwerf het, hoe lank sal dit neem voordat jy die simptome ontwikkel? Niemand weet nie. Wel, is daar 'n moontlikheid dat die simptome nooit ontwikkel nie? Niemand weet nie. Inligtingsveldtog? Ja-ja. Moenie histeries raak nie? O, nee hoor.

# Seksueel geteister terwyl jy sokkie?

Sarita de Vaal, Stellenbosch, skryf:

WOENSDAE-, Vrydae- en Saterdagaande is die disasterzone van die seksuele revolusie as 'n mens op die kampus rondloop.

Sokkiesale, waar mans mag kies en meisies gewillig moet wees om te klou aan enige ding met 'n broek op 'n pump-it-baby techno-beat.

Hoe kan enige vrou met selfrespek haarself só afhanklik maak van enige man dat sy teen 'n muur sal staan, opgetoffie vir die aand, in die hoop dat sy kan langarm? Eintlik word sy deur mansoë beoordeel op grond van ingetoë-onderdanige vroulikheid, want as haar kop enigsins normale hoogte gehou word, word sy veroordeel en nooit weer vir 'n dans gevra nie.

En bewaar die meisie wat actually op haar eie besluit (heavy intellektueel) om in die middel los te gaan dans, en dan, so waar as wraggies, die bloody nerve het om haarself te geniet! Sy behoort vir seker tot daardie skuim van die aarde, daardie bloeddorstige groep mannetjiesagtige skepsels wat feministe genoem word. Nee wat, 'n vrou se geluk is totaal en al afhanklik van 'n man, enige man, wat haar goed genoeg ag om vir 'n dans te vra.

Ek is maar nog net 'n kwartaal hier, en omdat ek met vars oë na die hele situasie kyk, kan ek die seksuele teistering waaraan meisies onderhewig is, akuut waarneem.

As 'n ou vir my fluit, beskou ek dit as 'n kompliment, maar as 'n ou uit sy koshuiskamer vanwaar ek hom nie kan sien nie vir my iets soos "Trek uit daai rok'sie!" skree, voel ek violated. Daar is nie 'n Afrikaanse woord wat só goed pas nie.

Stellenbosch-Voortrekkers, sokkie voort, ek headbang eerder.

# Hierdie land verkeer nou in paradoks

Nikki, Stellenbosch, skryf:

DAT daar al ooit 'n groter paradoks was as dít, is onwaarskynlik: eerstens die koelbloedige moord op mnr Chris Hani op 10 April en dan die nie-gewelddadige heengaan van mnr Andries Treurnicht, skaars twee weke later op 22 April.

Hani was 'n swart radikale ekstremis; Treurnicht blank, regs en konserwatief. Beide het gestaan vir ideale wat hulle as goed en uitvoerbaar beskou het. Beide is nie meer hier nie en die uitvoering van hierdie politieke ideale word nou aan hulle dissipels en mede-idealiste oorgelaat.

Mag hierdie arme nasie en veral die oningeligte Stellenbosse studente na die werklikheid teruggeruk word. Hierdie is net 'n skynbare teenstrydigheid, 'n paradoks. Idees is onneembaar belangrik, mits elkeen op vreedsame wyse tot uitvoer gebring word. Elkeen besit die reg tot wye politieke denke, maar matig dit in die belang van Suid-Afrika.

Mag niemand soos Cicero van ouds wanhopig uitroep nie: "O tempora! O mores!" (O die tye, O die sede). Mag idees uiteindelik op 'n manier versoenbaar wees.

# KAMPUSMENINGS

**Wat is jou mening omtrent die feit dat die rooi vlag van die SAKP tydens die roudiens vir Chris Hani in die Studentekerk vertoon is?**

Deur ANNA-RETHA KRIEL en DANIE STEENKAMP
Foto's: HELENA VAN ZYL

**Gavin Nortjé**
I disagree when people come together under a communist flag, especially when it is inside a church.

**Jill Galliét**
Communism is anti-christ and therefore totally out of place in a church of Christ.

**Corné van Rensburg**
Die kerk is bedoel vir diegene gered moet word.

**Corné Botha**
Jy moenie die kerk gebruik as 'n plek om jou politieke oortuigings te propageer nie.

**Anika Ebrahim and Ismael Gopal**
It was wrong. The church is a place for the christians and not for the atheists.

**Chrisna Prins**
Die Studentekerk moenie verantwoordelik gehou word vir die aangeleentheid nie. Hulle het geen beheer daaroor gehad dat die vlag in die kerk vertoon is nie.

**Le Roux Franken**
Die hele storie is buite verband geruk. Ek self het nie 'n probleem daarmee dat die vlag vertoon is nie.

**Estienne Cilliers**
Die politiek en godsdiens hoef nie te meng nie. Nkosi sikelel'...

**Leoni Kruger**
Dit was nie reg nie. Miskien moes hulle vir Treurnicht in Khayalitsha begrawe het.

**Laurient Barblev**
I don't think you should show your extremist views in public, especially when you know you are going to offend.

**Margaretha van Zyl**
Ek dink nie dis verkeerd nie. Dit was 'n "interessante" move.

**Albert Faul**
Die voorwaarde was dat geen vlae in die kerk gebring moet word nie. Die feit dat dit wel gedoen is, plaas die kerk in 'n ongemaklike posisie omdat dit 'n presedent geskep het.

**Anne Kitching**
Dit is soos 'n bad in die kombuis, buite konteks en ongehoord.

**Anje van Zyl**
Elke mens het tog die reg tot sy eie opinie.

**Carin Loubser**
Ek is mál oor rooi!

**John Gilmour**
Ek het nie 'n clue wat 'n teken van antichrisme in 'n christelike omgewing maak nie.

**Elridge Coetzee**
Hulle het geen reg gehad om die vlag in die kerk te hang nie.

**John Fortuin**
Ek stel nie eintlik belang in sulke dinge nie.

**Francois Malan**
Ek dink nie dit was verkeerd nie.

**Nolene Wessels**
I was there and I really didn't have a problem with it. It was good to see all the different cultures coming together. Everything went down pecefully and the people did show respect to the church itself, like standing up when singing hymns, etc.


ESTIENNE CILLIERS


FRANCOIS MALAN


LAURIENT BARBLEV


CORNÉ BOTHA


ANJE VAN ZYL


JOHN FORTUIN


ANNE KITCHING

# Nòg 'n perspekief op diè dinge

Koos, Stellenbosch, skryf:

EK wil graag 'n paar opmerkings maak na aanleiding van die menings van mnre Thys Mocke, James Liebenberg en me Annemariè Joubert in *Die Matie* van 18 Maart 1993, asook talle ander briewe en menings vanuit die Christengemeenskap in verband met die omstrede "Perspektiewe en Dinge" van 12 Februarie en 4 Maart 1993.

Vanuit die meeste van hierdie briewe en menings lyk die boodskap aan Christene vir my duidelik: staan op, moenie stilbly nie, maak gebruik van julle vryheid van spraak en persvryheid en gaan in die wêreld in en kersten diegene soos Marius Visser. Evangeliseer en val die geloofsoortuiginge aan van al diè wat nie glo nie.

Die boodskap aan alle nie-Christene is egter ewe duidelik: bly om Vadersnaam stil, moenie met ons sukkel nie, moenie iets bevraagteken waarin ons hoop en sekuriteit gesetel is nie en moet onder geen omstandighede durf om ons geloofsoortuigings aan te tas nie. Nie-Christene is alleen vry om met 'n glimlag die talle pamflette wat weekliks aan hulle uitgedeel word, te neem, stil te bly en niemand aanstoot te gee nie.

Ek wil dit aan diegene soos mnr Mocke en me Joubert stel dat hulle sogenaamde ligdraers is wat baie mense pynlik verblind en talle ander tevrede en verlig na die duisternis laat keer. Miskien moet me Joubert, soos wat mnr Mocke voorstel, haar na die Skrif wend en lees wat daar staan. Haar argalese en Ou-Testamentiese idees is sekerlik in stryd met 'n konsep soos naasteliefde. Dit klink eerder of sy sou tuisvoel by 'n steniging of rondom 'n brandstapel in die tye van die inkwisisie.

Mnr Liebenberg, is die gedrag van die sogenaamde Christene wat jou by die monstervergadering toegejuig het, nie meer onrusbarend as die inhoud van Marius Visser se rubriek nie? Vind jy dit nie ironies en bitter hartseer dat die Afrikaner wat so begaan is oor minderheidsregte, geen respek toon vir die regte, menings, denke en oortuigings van die minderhede binne sy geledere nie?

Dus wil ek vir Marius Visser sê: "Gaan die wêreld (of ten minste Stellenbosch) in en verkondig net wat jy wil, sodat daar dalk 'n paar van die vele mnr Mockes of me Jouberts tot gesonde twyfel en besinning gelei kan word."



Photo day in paradise p 9

# DAG en NAG

Donderdag 29 April 1993



Preston works organ-miracles p 9

# Stilbly spreek boekdele...

Deur TANIA BOTHA

"O, BRING vir my die Goue Eeu op 'n skinkbord soos Johannes se kop...". Hiermee word 'n kabaret wat beskryf word as "'n pleidooi vir vrede en harmonie in ons land wat gekasty word deur sovele paradokse", en wat verlede week die onderwerp van die spreekwoordelike storm in 'n teekopppie was, ingelei.

Dié storm het losgebars oor die kop van Linda de Jager, 'n Honneurs Joernalistiek-student aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van die kabaret *Ja-Nee: die Parra en sy Doks*.

In een toneel sing 'n kabaretis oor 'n offer wat gebring moet word om 'n goue eeu in te lei, terwyl Salomé Johannes die Doper se kop op 'n skinkbord na 'n tiranniese leiersfiguur bring met dié woorde: "Hani á la King".

By die eerste opvoering van die kabaret in Pretoria, waar dit die amptelike inskrywing van die US by die ATKV se Kampustoneelfees was, was sekere lede van die gehoor van mening dat dié toneel in "uiters swak smaak" en "afstootlik" was.

Volgens me Linda de Jager is die toneel funksioneel in 'n kabaret wat as sentrale tema die sintese van opponerende pole, of die versoening van oënskynlike paradokse volgens Taoisme, het. "Die kop was oorspronklik Biko s'n, maar om die kabaret op datum te hou het die groep besluit om Biko met Hani te vervang."

In 'n persverklaring het die hoof van die dramafakulteit van die US, mnr Herman Pretorius, sy spyt uitgespreek oor die voorval en onvoorwaardelik om verskoning gevra vir enige aanstoot wat die toneel gegee het. Hy het bygevoeg dat dit weggelaat sal word uit verdere opvoerings.

"Ons het begrip vir diegene wat die toneel as aanstootlik kan ervaar. Om hierdie rede het ons besluit om dit weg te laat, en nie omdat ons swig voor druk van buite óf binne die Universiteit nie".

Tog is dit jammer dat *Ja-Nee: die Parra en sy Doks* die slagoffer moes word van 'n paradoks wat vir ons oorbekend is: daardie mentaliteit van"jy kan sê wat jy wil solank jy met ons saamstem", of te wel "beperkte vryheid van spraak". Soos in die vergrootglas in ons vinnig-veranderende samelewing. Besprekings rondom die relevansie daarvan en watter rol dit in die Nuwe Suid-Afrika kan en sal speel, asook die heersende debat rondom euro- vs. afrosentrisme slegs is slegs twee vraagstukke wat daaroor hang.

In hierdie atmosfeer kom 'n Linda de Jager na vore en skryf 'n ambisieuse kabaret wat juis relevant en aktueel is, en waarvan die versoe-



1989, toe die Rektor, prof Mike de Vries, na heelwat woelinge op kampus, en ná dit amptelike regeringsbeleid geword het, in 'n groothartige gebaar besluit het dat vreedsame demonstrasies wél op kampus toegelaat sal word, mits die betrokke saak eers met Administrasie uitgeklaar is. Of soos wat vroeër vanjaar die geval was toe ontevrede studente Maties verbrand het.

Die kunste kom toenemend onder ning tussen Afrika en Europa 'n hooftema is. In die konteks van die kabaret gebruik sy politieke satire, klugspel, seksuele innuendo en 'n wye spektrum van simboliek, literêre, mitologiese en eietydse verwysinge. Sy praat in Afrikaans, en gebruik beelde wat vir ons almal bekend is. En wat gebeur? Sy word nie alleen verkeerd verstaan nie, maar sy word ook aangekla van onsensitiwiteit, voortvarendheid en 'n bourgeois-mentaliteit. Moontlik het sy haar gehoor oorskat, of moontlik kon hulle nie die bos vir die bome sien nie.

'n Enkele toneel van twee minute word buite konteks opgeblaas terwyl die groter prentjie heeltemal misgekyk of geïgnoreer word. Die groot ironie is dat die Hani-toneel juis ook verkeerd geïnterpreteer is. Die verwysing was nie bytend-satiries, soos wat algemeen in kabaret voorkom nie. Dit was ook nie leedvermakerig of onsensitief nie. Inteendeel, dit is een van die enkele werklik roerende tonele in 'n kabaret wat andersins vinnig en ongenaakbaar deur 'n hele reeks van sosiale ongeregtighede sny.

Voorts is die verwysing 'n kragtige metafoor met 'n ryk assosiasieveld. Linda is ondermeer deur verskeie mense gekritiseer as sou die kabaret té intelektueel wees, met te veel simboliese en literêre verwy-sings, en hierdie "fout" is op neerbu-gende wyse toegeskryf aan haar "o-ervarenheid" en die "voortvaren-heid van die jeug". Die tragedie dat dié kritiek juis uit die gelede gekom het van 'n uitgelese gro- "ervare" mense wat deeglik gel-terd is in die taal van die teater.

Dit is ook jammer dat die verw-sing gevolglik weggelaat is uit v-dere opvoerings van die stuk, on-ag watter redes hiervoor aangevo-is. Na alles wat daaroor gesê is, sk-ter die verwysing nou in sy afwes-heid. Boonop het Steve Biko en simboliese martelaarskap nou noo-wendig tot 'n vlak van akademie belang verval. Nie alleen lê dit treklik ver in die verlede nie; dit hoort ook tot 'n verbygegane fase die stryd om gelyke regte vir sw-Suid-Afrikaners. Chris Hani hoort tot die hier en nou van ons middellike lewens, en om na dié bakel terug te gaan na 'n Biko-v-wysing is so goed as om Hani se as martelaar in die stryd te ontk-Dis om toe te gee aan 'n "see no e-hear no evil"-mentaliteit wat eenvoudig nie kan bekostig nie.

Daarby het die hele ongeluk-polimiek verkeerdelik die indr-geskep dat *Die Para en sy Doks* sl-polities-geïnspereer is. Daar is h-wat politieke verwysinge, maar dien ter illustrasie van slegs vorm van intoleransie, onderdr-king en eksploitasie, waarvan geestelike en fisiese aftakeling die vrou die dramaturg die na-aan die hart lê.

Hierdie miskenning van die v-en die versoening tussen die vers-lende rolle, wat in 'n patriargale teem aan haar opgedring is, d-middel van 'n proses van geestel-en sosiale emansipasie loop soo-leitmotief deur die kabaret. Uit-delik vorm dit 'n metafoor vir A-ka en Europa, en die kabaret ei-op 'n noot van optimisme.

# Body of Evidence het nie ligaam

Deur HERMAN WASSERMANN

**FILM BODY OF EVIDENCE**

**MET Madonna en William Dafoe**

AS dit nie was vir die druppende kerswas en *kinky* seks nie, kon hierdie film net sowel een van TV1 se talle speur- of hofreekse gewees het: die verhaal is eenvoudig, die gebeure voorspelbaar en die akteurs onoortuigend.

Die verhaal handel oor 'n sekskat (gespeel deur Madonna, wie anders?) wat aangekla word daarvan dat sy die oorsaak is vir die dood van 'n ouerige miljoenêr, deurdat haar energieke avonture in die bed (en op verskeie ander plekke) te veel was vir sy swak hart. Boonop, voer die hof aan, het sy hom 'n hupstootjie die ewigheid in gegee deur hom kokaïene toe te dien om seker te



maak sy erf sy miljoene. Sy kry egter 'n advokaat wat haar storie glo, verlei hom ook, en saam probeer hulle haar onskuld bewys - sy het hom mos maar net gegee wat hy wou hê.

Tussen talle sekstonele deur ontknoop die verhaal, maar die intrige bly oppervlakkig. Aan die einde van die film is daar wel 'n poging om 'n onverwagse kinkel in die kabel te bewerkstellig, maar dit slaag nie heeltemal nie. Dit bly maar 'n gemiddelde hofdrama wat jou deurentyd 'n gevoel gee dat jy dit al iewers gesien het. Ons heldin, die oogfladderende, beenwysende, lipaflekkende Madonna, slaag nie daarin om die kyker se simpatie te ontlok nie. Gevolglik is daar nie veel sprake van spanning nie - mens gee eintlik nie 'n duit om of sy skuldig bevind word of nie. Die *one liners* wat dikwels sorg vir die trefkrag van ander hofdramas (byvoorbeeld *A Few Good Men*) is in *Body of Evidence* niks meer as goedkoop prulfilosofie nie.

Die sedebewakers sal seker te kere gaan oor die taamlik eksplisiete sekstonele. In dié opsig slaag die film seker in sy doel: sensasie, sensasie, breinlose sensasie. Moenie bekommerd wees as jy dit misloop nie.



# Baie siel in die penne

Deur COR BUYS

HARD soos die doderyk, het een leser die nuwe uitgawe van *penseel*, wat pas die lig gesien het, beskryf. Dit het miskien die lig gesien, maar dié uitgawe kon sedert geboorte nie wag dat die lig weer voor die duisternis wyk nie: Dié tikkie duisternis wil die kampus verlig.

Die redakteur van *penseel 92*, Sonja Loots, sê egter dat dié hardheid nie beteken jy sal moet kou nie, dit is net dat dit nie die gebruiklike "my lief het my verlaat"-gediggies bevat nie.

*penseel*, jaarlikse publikasie van die Afrikaanse Studiekring (ASK) bevat nie net poësie nie. Vooraanstaande literêre figure het al hul debuut in hierdie publikasie gem- Die enkele kortverhale is bedoel ook prosaliefhebbers se diepste hoeftes te bevredig.

Voornemende digters, skry-en versiemakers kan solank skryfsels bymekaarskraap (-k vir die volgende uitgawe van *seel*, wat binnekort saamgestel word.

Die nuwe uitgawe van *pens-* in die Loopgang verkrygbaar, a tydens byeenkomste van die Kopieë is ook beskikbaar by k 218 in die Wilcocksgebou. Te oor aan die feit dat *penseel 91* aang- is as die beste verenigingsblad verlede jaar, behoort *penseel 92* goed ontvang te word. Moet di misloop nie.

# Mistiek in titels, nie skilderye nie

Deur WILANI VAN WYK

**UISTALLING REGINE KRöGER**

Dit was 'n Woensdagaand, Regine Kröger se uitstalling, kaas en wyn en mense wat groepies-groepies rondstaan - al geselsende. Tilla Balot open die uitstalling. Dit is Kröger se eerste eenpersoonuitstalling en sy lei dit in deur te sê :

"Neem dit waar volgens u eie ritme en mistiek en beleef u eie wêreld deur my waarnemings."

Haar uitstalling behels 38 skilderye waarvan die deurlopende tema blomme en natuurtonele is. Soos mens stap deur die gallery word jy gedurig genoodsaak om "verskoon my" te mompel vir almal teen wie jy stamp, op pad na 'n skildery met 'n titel soos "Yield to the cycles of Life". Alhoewel mens haar krediet kan gee vir oorspronklike en omskrywende titels en opwindende kleurgebruik, is die eindproduk soms minder indrukwekkend as wat jy jou dit voorgestel het.

# Another day in paradise

By SUE BLAINE

ABOUT six weeks ago Danny Erasmus and Erhardt Thiel visited Mike du Bliquy and Graham Parkhurst of Fotofast and Foto Image with an idea: Why not invite anyone who can wield a camera to take pictures of "A Day in the Life of Stellenbosch", find a judge and have a competition?

"We were keen but sceptical," said Mr Du Bliquy, "They insisted that it should take place on 26 February. Things just don't happen that fast in business."

"The idea came to us about this time last year," said Danny, "but you could say that it all got put together this year."

Danny and Erhardt rolled up their sleeves, flexed their well-exercised wrists (the idea was cooked up over a few beers) and started pushing all the right buttons.

It was decided that "one judge, and one judge only" would evaluate the entries. Obie Oberholzer, oud-Matie and photographer of international fame, was chosen.



The designated day (26 Febuary) dawned overcast.

"I got up, looked out of the window and thought ...(well, not 'Oh, no')." Later it cleared up and became one of those wonderful Stellenbosch days - the sun shone, the cicadas sang and the shutters clicked.

People ambled here and there toting tripods and fancy photographic equipment, or small Instamatic cameras.

Febuary 26 was chosen because it was a Friday during grape season. "We wanted to combine the week and weekend events, get in *druiwepluk* and have good weather," laughs Danny.

One of the big shocks during the run-up to the competition was the "death" of Obie Oberholzer. "This guy from *Die Burger* came to me and asked me 'How do you feel?' I said 'About what?' and he told me that Obie had been killed in a car crash," said Danny. After a few anxious phone calls Obie was found and composure regained.

"What is really amusing is the power of an idea," said Danny, "It is phenomenal how much power there is inherent in an idea. I can't believe that we did it."

"What really surprised us was the amount of older people who entered the competition," said Mr Du Bliquy. There was also response from non-Stellenboschers - ten photography students from Rhodes University came down for the day and people from Somerset West also descended on the Eikestad.

The success of the competition has lead to a multitude of ideas - there is talk of a book, postcards, a calendar (anyone with capital to spare...) and another competition next year. Enthusiasm abounds and there are a lot of photos still to be taken.

The winners are **Wiid van Wyk (1st), Pieter Malan (2nd)** and **Arie Olivier (3rd)**, all from Stellenbosch.

Photo: AJ VAN SCHYNBEL

# Preston presses all the right buttons

By NICHOLA MEYER and JUNE HITCHCOCK

SIMON Preston, one of Britain's finest organists, flooded the Endler Hall on 23 April with a rush of cataclysmic music which swept the audience up on a wave of rapture and left them gasping for more.

Mr Preston established a name for himself as a sub-organist of Westminster Abbey, but with his superb skill, it wasn't long before he was recognised as one of Britains most talented musicians. His own composition, "Alleluyas" is acknowledged as a standard work in any organ repertoire. Furthermore, he is a conductor of notable acclaim.

His first piece, *Chorale Variations*, by J.S. Bach, also known as *Ach, was soll ich Sunder machen*, consisted of a theme followed by nine charming variations, all very well executed. After this Preston played another well-known Bach, *Prelude and Fugue in D.* It was filled with dramatic crescendos, a piece described by Bach's 19th century biographer as "dazzlingly beautiful", although he'd be too dazzled to come up with a line like that had he heard Preston playing it.

The *Chorale Improvisation* of Charles Tournemiere followed in stark contrast to Bach. It was weird (Startrek-schizofrenetic): very modern, very dramatic and was greeted with delight by the awe-struck audience. To calm the spirits Preston followed this with *Trois pieces* by Gabriel Pierne.

The final piece performed was Joseph Bonnet's *Variations de Concert*. It contained haunting snatches and unpredictable, lively dynamics.

Dazed by the powerful onslaught of music it seemed that the audience agreed unanimously that the concert was nothing short of organasmic.

## Matie Movies

### ACCIDENTAL HERO ★★★★

Die geluk by Bernie Laplante se ongeluk is dat die ánder ou met die geld en die roem wegstap. Gedink dat kan nie gebeur nie? Bernie ook nie. En vir al sy uitmuntende ellendes, kry die arme man nie eers 'n Oscar-benoeming nie.

### RHAPSODY IN AUGUST ★★★★

Die film is 'n epos wat vertel van die gryse Japanese oumatjie wat op 9 Augustus 1990 die dood van haar man gaan gedenk wat 45 jaar tevore gesterf het met DIE BOM oor Nagasaki. Dit vertel van hoe daar 'n brief kom waarin 'n veramerikaansde Japanees die oumatjie nooi na Hawaii. Die man sê hy is haar lankvergete broer. Die epos vertel ook van hoe die oumatjie se kleinkinders, wat Amerikaanse jeans en T-hempde dra, die oorlogsmonumente in die stad besoek en besef dat hulle deel is van 'n geslag wat alles vergeet het.

### SNEAKERS ★★★

Dis die eeu van rekenaars, rekenaarboffins en rekenaarmisdadigers. Die mikroskyfie het magtiger geword as beide die swaard en die stukkies groen papier wat deur vet omies in duur pakke klere rondgestoot word. Net jammer dit kan niks doen vir Robert Redford se ouderdom nie.

RYAN HITCHCOCK




## Die geskiedenis van die Stellenbosse Universiteitslied

In die Suid-Afrika van die jare negentig bepaal die land se inwoners opnuut hulle gesindhede teenoor gevestigde simbole. Sommige daarvan verteenwoordig nie meer waardes en ideale waarmee jongmense hulle kan vereenselwig nie en so ontstaan die behoefte aan nuwes.

'n Inrigting vir hoër onderwys, in besonder 'n universiteit met 'n lang en trotse tradisie, is aanleiding tot die onwillekeurige drang by sy studente en oud-studente om by geleentheid aan hulle innige lojaliteitsgevoelens uiting te gee. En dis die lied, meer as enigiets anders, wat hom leen tot uitdrukking van dié sentimente: niks oortref die verbintenis van woord en musiek wat betref die effek op die menslike psige en die ontroering wat dit wek nie.

Die eerste keer dat studente Stellenbosch as hulle alma mater besing het, was in 1898 tydens die wintertoer van die Eerste Rugbyspan van die destydse Victoria Kollege. Op 16 Julie het hulle in Johannesburg met twee punte teen die Transvaalse kampioenspan, Diggers, verloor, maar vir die eerste keer die aand op 'n onthaal deur oud-studente die "new College Song" hartlik saamgesing. Die lied is na talryke versoeke en pogings deur ds Nico Hofmeyer geskryf: woorde plus musiek:

'Tis a fact you know, they say
From the Cape to Delgo Bay
Victorians are ever to be found,
Who excell in ev'ry way,
Both in culture and in play,
And are jolly fellows taking them all round;
There's no college in the land
Training brain and eye and hand
As our own Alma Mater (don't you know?)
In the village, Van der Stel
(Good old Simon!) founded well
On the banks of Eerste River long ago.

Die meeste studente en oud-studente weet vandag nie meer dat die teks oorspronklik Engels was en uit meerdere strofes bestaan het nie. Teen die einde van 1902 het die eerste strofe 'n treffende Nederlandse ekwivalent gekry, wat nie ingeslaan het nie, en uiteindelik is die veel swakker vertaling van ds W.H. Boshoff gesing – volgens getuienis met groot entoesiasme, onder andere by die gradeplegtigheid van Februarie 1914.

Die Afrikaanse vertaling van 1920 deur Jan F.E. Cilliers het die afgelope twee dekades steeds meer in onbruik geraak. Dit was nooit 'n goeie vertaling nie en dat dit glad nie meer tot die hedendaagse Stellenbosse student spreek nie blyk sonder meer uit anachronistiese begrippe soos "Delgo'Strand" en "Victoriane". Die teks van die lied word jaar na jaar nog ewe pligsgetrou voorin die Matiedagboekie afgedruk; herhaaldelik met 'n geringe fout in die aanvangsreël wat egter groot genoeg is om onteenseglik te bewys dat die lied nooit meer gesing word nie. Daar staan "Dit is bekend . . ." in plaas van "Dis bekend . . ." Diegene wat die lied probeer sing, sal reeds by hierdie eerste reël vashaak, want daar is 'n woord te veel en 'n noot te min.

*Lina Spies*

*Bron:* Stellenbosch 1866–1966: Honderd jaar hoër onderwys, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1966; pp 298–301

## WAAROM 'N NUWE UNIVERSITEITSLIED?

Daar bestaan reeds baie jare 'n groot behoefte aan 'n nuwe universiteitslied, aangesien die huidige een vir alle praktiese redes in onbruik verval het en bykans onbekend is aan studente.

Selfs waar die woorde hier en daar aan studente bekend is (uitsluitlik omdat die Matie-eksamen eerstejaars vriendelik verplig het om die woorde te leer) is die melodie heeltemal onbekend.

Die SR het gesoek vir 'n lied wat statig genoeg is om by 'n amptelike geleentheid te sing, sowel as by intervarsity. Dit was veral belangrik dat die nuwe lied lekker singbaar moes wees. Die lied moes ook van so 'n aard wees dat almal op kampus as Maties daarmee kan identifiseer.

*ERICA VENTER–SR VOORSITTER 91/92*

'n Opname van beide die huidige en die moontlike universiteitslied sal teen die derde kwartaal aan koshuise en ander belanghebbendes uitgereik word.

Vir enige kommentaar of navrae oor lied, kontak die SR-kantoor.

## UNIVERSITEITSLIED

Dis bekend dat in ons land
van die Kaap tot Delgo' Strand
Victoriane orals is te vind
in hul wandel, werk en spel
munt hul uit – dit weet ons wel –
en is almal goed en vriendelik gesind.
Daar's geen hoërskool in ons land
vir die brein die oog die hand
soos ons ou Alma Mater heg gebou:
in die dorp wat Van der Stel
hier gestig het, goed en wel,
wat die Eerst'rivier se walle sier tot nou.

# Jan Engel blaas nuwe lewe in US

DIE voormalige Springbokvleuel Jannie Engelbrecht is die nuwe president van die Stellenbosch Rugbyklub. Hy is 'n bekende in talle kringe en sy bekwaamheid om dié belangrike taak te verrig het alreeds vroeg in sy termyn vrugte afgewerp. PIPPA SCHOEMAN het met hom gesels oor onder andere sy enorme taak en die stand van sake in die klub.

**Was dit vir u moeilik om die leisels van iemand so ervare en bekwaam soos Dok Craven oor te neem?**

Dit was moeilik in dié opsig dat Dok die werk van meer as een mens gelyktydig kon doen. Aan die ander kant was ek bevoorreg om vir 37 jaar van Dok te kon leer en ek hét baie geleer. Ek het 'n geweldige sterk uitvoerende bestuur en met die somtotaal van elkeen se inset kan ons Dok se werk verrig.

**U het groot ontsag vir Dok. Wat is die grootste les wat u van hom geleer het?**

Daar is verskeie lesse wat ek van hom geleer het - lojaliteit, deursettingsvermoë, die wil om te wen, die mensekennis wat ek opgedoen het en ook in die spelverband van rugby. Alles kom egter terug na hom waar hy die leiding geneem en gegee het. Hy was 'n soort vaderlike figuur en ek dink baie van ons rugbyspelers het vir hom gespeel.

**Stellenbosch Rugbyklub het onlangs baie verander. Is u tevrede met die vordering tot dusver?**

Ek is tevrede, maar dit is ook iets wat ek by Dok geleer het: wanneer jy net tevrede is, het jy stagneer en dan is jy reeds besig om agteruit te gaan. Dit is vir my baie bemoedigend om te sien wat tans in die klub aangaan - die gees, die gesindheid, die resultate, maar ek dink ons kan nog baie beter doen. Ons wil ook die oud-Maties by die klub betrek.

**Hoe lank sal dit neem om die klub tot sy volle potensiaal te ontgin?**

Ons sal nooit die stadium bereik waar die die klub sy volle potensiaal kan ontwikkel nie. Die rede hiervoor is dat die klub oor meer as 'n duisend spelers beskik wat jaarliks verander en optimale ontginning word dus bemoelik. Ons probeer egter om so na as moontlik aan die optimum te kom. Dit kan nie in 'n bestek van maande of jare plaasvind nie, maar is 'n bouproses wat dekades kan voortduur.



**Dink u die klub besit die potensiaal om WP 'n Springbok of twee ryker te maak?**

O ja, definitief. In Maties I is daar onmiddellik twee Springbokke, huidiglik in die WP-span en op ander provinsiale vlak ten minste 12 spelers.

**Verskil die spel van rugby baie in vergelyking met u rugbydae?**

Dit verskil nie so baie ten opsigte van die basiese nie; die reëls het verander, wat die spel anders maak. Vir my as agterspeler het dit nie verander nie, maar wat die voorspelers betref, wel. Die spel vloei meer en makliker, en is meer oop.

**Is wen baie belangrik vir u? Is dit alles?**

Dit is amper alles. Ek is nie iemand wat my graag verbind met mislukkings nie, want ek glo as jy iets aanpak, dan wíl jy die hoogste sport bereik. Jy hoef nie op die pad na jou ideaal die basiese beginsels prys te gee nie, maar jou hele benadering moet toegespits wees om uiteindelik te wen. Jou klub kan slegs gedy as jy wen.

**By Stellenbosch Rugbyklub is die span die belangrikste, of word die individue in die span ook geken?**

Die individu moet sien dat die span belangriker is en die klub is weer belangriker as die span. Die spel is op sy beurt weer belangriker as die klub. Jy begin egter by die individu se bydrae wat in spanverband vasgevang moet word. Wanneer die span reg is, speel die span wenrugby - met die gevolg dat die klub en uiteindelik rugby daarby baat.

**Waarom is die kombinasie van dr Gerrit Pool en mnr Nelie Smit so suksesvol?**

Hulle is die mees prominente studente van die spel en is geweldig toegewyd. Dit maak dat die spelers selfvertroue het én vertroue in die afrigters. Daar is baie min afrigters wat sóveel opoffer vir spelers en 'n span.

**Wat is u mening omtrent die betaal van spelers vir wedstryde vir byvoorbeeld Maties I? Verskeie ander klubs doen dit reeds.**



Inherent is ek teen die betaling van spelers, maar tye verander en vandag is dit vir 'n speler in werksverband moeilik om ook nog tyd te hê vir rugby speel. Ek is 'n voorstander daarvan dat 'n speler nie geld moet maak uit sy rugby nie, maar wel vergoed moet word vir wat dit hom kos, byvoorbeeld petrolgeld, indien hy ver moet ry om te oefen, of om uitrusting en so meer aan te koop.

**Wat is u grootste wens vir Stellenbosch Rugbyklub?**

Met die basis wat Dok gelê het, die fasiliteite en die materiaal (spelers, afrigters, bestuur en owerheidsbeheer), sien ek Stellenbosch as dié leidende klub in Suid-Afrika. Ek wil sien dat die klub suksesvol is en spelers via die provinsie vir Suid Afrika lewer.

**Hoe sal u die klub oor vyf jaar wil sien?**

Ek sal graag vanjaar al die klub as suksesvolle kongruent in Suid-Afrika wil sien. Dit is baie gevra om van 'n laagtepunt tot die hoogste sport te vorder, maar as dit nie vanjaar plaasvind nie, is ons definitief daarheen oppad.

**Wat is u lewensfilosofie?**

Om as individu 'n gebalanseerde lewe te lei. Moenie op loop gaan met een rigting wat jou lewe oorheers nie. Jy het 'n sport-, godsdiens en sosiale komponent en ook verpligtinge teenoor jou gemeenskap. Ek wil dit weer baie duidelik stel: ek is nie lid van 'n verloorspan nie. As jy alles insit, dan moet jy sukses behaal. As jy dit nie nou maak nie, kán jy harder werk en uiteindelik sukses behaal.

**Het u as President van Stellenbosch Rugbyklub 'n spesifieke boodskap wat u aan alle Matie rugbyspelers wil oordra?**

Ek wil net graag vir hulle sê, die hoogste sport wat jy op Stellenbosch kan bereik, is om vir die eerstespan



te speel. As jy egter vir die eerstespan speel is jy baie na aan provinsiale en ook nasionale vlak. Die speler in die laer span kan dus opskuif as gevolg van spelers met beserings en spelers wat opgeneem is in nasionale, provinsiale en ander toerspanne. Moenie moed verloor nie, as jy die wil het om bo uit te kom en sorg dat jy fiks is, sál jy bo uitkom.

# STUDENTE-VERTEENWOORDIGING

Die onlangse besluit van die Universiteitsraad, ingevolge waarvan aan 'n studenteverteenwoordiger volle sittingsreg verleen word op hier die hoogste gesagsliggaam aan die Universiteit van Stellenbosch, span die kroon op die nuwe beleid van deelnemende bestuur deur Administrasie. Hierdie benadering het alreeds daartoe gelei dat studente tans verteenwoordig word op meer as veertig komitees in Administrasie, twee lede in die Senaat en op die meeste fakulteitsrade. Vir die eerste keer kan studente in die strukture hul mening gee oor besluite wat ons direk raak. Hopelik sal dit help om besluite soos die kontroversiele dagbreeksdeurgang te voorkom.

## SR TOER

Die Studenteraad het onlangs 'n toer onderneem na die universiteite van Rhodes, Fort Hare, Durban Westville Natal en Zululand. Die afgelope 30 jaar was daar geen formele kontak met die Universiteit van Rhodes nie en met die ander wat besoek is was daar nog geen kontak nie.

Die doel van hierdie toer was om op studentevlak Stellenbosch se Nasionale Isolasie te verbreek. Van die hooftemas bespreek, was die rol van universiteite in 'n nuwe Suid Afrika, regstellende aksie in die taalbeleid.

Daar is ook sosiale kwessies aangespreek soos seksuele tastering, vigs en omgewingsake om 'n paar te noem.

Hopelik het hierdie toer die weg gebaan vir voortgesette skakeling tussen Universiteite op studentevlak.

## KERS

### (Konvensie vir Effektiewe Relevante strukture)

Hierdie proses wat deur die SR in die lewe geroep is en nou byna afgehandel is het ten doel:

- 'n ondersoek na die medis opperandi van die SR, en identifisering van leemtes in die status quo.
- antisipering van toekomsverwagtinge en die aanpassing van studentestrukture daarby.

Die uiteindelike gevolg van kers sal behels:

- 'n veranderde SR verkiesingstelsel
- effektiewe funksionering van die georganiseerde studentelewe op Stellenbosch.

Die SR het erns daarmee om hierdie proses effektief af te handel of in deelnemende wyse waardeur alle relevante belangegroepe die geleentheid sal hê om 'n inset te lewer in die Stellenbosch van môre.

# SR

# Netbal is super in liga

Deur SANDRA DU PLESSIS

IN die Superliga netbal wedstryd tussen US(a) en OKB(a) wat op Saterdag 24 April plaasgevind het, het die US(a) die hele wedstryd oorheers en vanaf die eerste kwart gemaklik voorgeloop.

US(a) se verdedigende spel was baie goed ten spyte van die feit dat hulle met 'n driekwart vol sterkte span gespeel het. N Westdyk, die VV, het 'n kniebesering en is uit aksie. L van der Westhuizen is ook beseer, maar het wel gespeel. S Laubser, die HD, het toe gaan VV speel. Sy het uitstekend gespeel en hard gewerk op verdediging. Saam met die HV en die V was hulle 'n gedugte verdedigende span.

Die eerste kwart wen die US(a) 14-7, die tweede kwart 30-15, die derde kwart 46-21 en die vierde kwart 62-27.Uitblinkers was Lana van der Westhuizen op HV en Leonora Bruwer op senter. In die opponente se doelderde was die verdedigers van die US(a) 'n gedugte span; hulle het die opponente deurgaans onder druk gehou en die spel baie keer laat draai in Maties se guns.

In die wedstryd tussen die US(b) en Van der Stel(a) het die US(b)-span 'n puik wedstryd gespeel en die gedugte opponente goed laat skrik. Van der Stel het wel sonder L Malherbe - hul Springbok HV gespeel, maar J Basson (ook 'n Springbok) het in haar plek gespeel. Op V het J Viviers (Boland A speler) gespeel, dus 'n gedugte kombinasie. In die derde kwart het Helene Moolman haar knie beseer en is sy van die baan af.

US(b) het uitstekend kop gehou en vir 60 minute werklik beheerd gespeel. Hulle besluitneming, aanval en verdediging was uit die boonste rakke. In die doelderde het die twee US doele naamlik Lucia Prins (D) en Heidri van Eeden (HD) goed gedoel, die senter Leana Lourens en die AV, Anneke Brink, het op die regte oomblik sekuur "gevoer". Op verdediging het Marlene Stemmet (V) en Letitia Vorster (HV) skitterend gespeel en Van der Stel gedwing tot foute of die bal onderskep. Lisa Venter (VV) het onophoudelik druk geplaas op die Van der Stel AV en sodoende op verdediging baie beteken vir die US(b).

Die eerste kwart verloor US(b) 7-11, tweede kwart 14-21, derde kwart 23-31 en vierde kwart 32-37. Let wel die vierde kwart wen die US(b) 9-6.

# Gunstelinge lyk oorgehaal

Deur BARBARA MEYER

DIE Universiteit van Stellenbosch se Tennisklub het pas met hulle geslote enkelspelkampioenskappe begin. Die gunstelinge is sekerlik verlede jaar se kampioene Coenie de Villiers en Paulette Roux.



COENIE DE VILLIERS

Die vroue se tweede ronde is reeds afgehandel en tot dusver is al die gekeurde spelers nog deur. By die mans is nog net die eerste rondte afgehandel.

Die nuwelingtoernooie is reeds agter die rug en Linda Barnard (sesde gekeurde) het die vrouetoernooi gewen. Sy is 'n buiteperd wat 'n goeie kans staan om die enkelspelkampioenskappe te wen. Matt Loningham is die wenner van die mans se nuwelingtoernooi. Dit sal 'n taai stryd tussen die eerste sewe gekeurde mans wees om die enkelspelkampioenskap-titel.

## Maties toer

Deur WERNHER BOCK

MATIES se tweede rugbyspan het die vakansie na Warrenton in Griekwaland-Wes gaan toer. Die spelers het onder leiding van die bekwame afrigter, Jan Basson, 'n afrigtingskliniek aangebied vir skole in die omgewing.

Die span het twee wedstryde gedurende die vier-dag toer gespeel teen onderskeidelik Griekwaland-Wes en Noordelikes van Warrenton. Stellenbosch het twaalf elk gespeel teen Griekwas en vir Noordelikes met 19-12 gewen.

# KOSHUISSPORT

## HARMONIE

HARMONIE, met sy 133 inwoners, mag miskien klein wees, maar moet ons nie afskryf op die gebied van sport nie. Daar is tot mense te vinde vir "Action Cricket" en hulle geniet dit terdeë.

Met die eerstejaarstoernooi in die hokkie het Harmonie se eerste span gewys waartoe hulle in staat is deur negende te eindig uit die veertien plekke. Die koshuise bo ons is almal groot koshuise en ons eindig voor Lydia, Monica, Huis de Villiers, Irene en Huis ten Bosch.

## IRENE

SATERDAG 17 April het die Koshuis Openingstoernooi plaasgevind. Irene het uitstekend gevaar deur die semi-finaal te haal. Daar het altesaam 24 spanne deelgeneem. Irene het goeie oorwinnings oor Harmonie, Eikenhof (a) en Lydia behaal.

In die tennis wen Irene Nerina 4-3. Uitblinkers was Alcock, Freese en Amm. Irene se eerste tennisspan is tot dusver nog onoorwonne.

Irene se A-hokkiespan wen Aristea (a) 6-0. Doele is deur C. Freese (4), L. van Wyk (1) en S. Gillet (1) aangeteken. Irene wen ook vir Oud-Studente 1-0.

## EENDRAG

ALMAL weet dit eintlik reeds; dit is nou die feit dat Eendrag hoegenaamd nie gestand doen aan hulle "image" as 'n "nerd"-koshuis nie. Dit is weer eens die afgelope kwartaal bewys deur die verskeie prestasies wat Eendrag op die sportveld behaal het.

Eendrag se eerstejaars was tweede in die eerstejaarsatletiekbyeenkoms, tweede in die stoei-toernooi en derde in die swemgala. In die hokkietoernooi was die eerstejaarspan derde, terwyl 'n gemengde span met Eendragspelers eerste was.

Eendrag se swemspan het 'n tweede plek behaal in die koshuisswemgala, asook in die interkoshuis-padaflos. Verder is die koshuis se eerste krieketspan tot dusver die seisoen nog onoorwonne.

Dit is dus duidelik dat daar vanjaar beslis rekening gehou moet word met Eendrag op die sportveld.

## HOMBRÈ

DIE afgelope paar jaar het pluimbal se gewildheid onder die inwoners van Hombré geweldig toegeneem.

Vanjaar is daar nie net twee spanne in die liga ingeskryf nie, maar Hombré is ook gevra om Maties te verteenwoordig. Voortaan sal Hombré se eerste span ook bekend staan as Maties se sewende span.

Na vier krieketlose jare het Hombré weer 'n span in die B-liga ingeskryf. Ten spyte van 'n tekort aan ordentlike uitrustings, het die span bevredigend gevaar en is twee van die vyf wedstryde gewen. In die vyf wedstryde het Hombré daarin geslaag om 549 lopies vir die verlies van 40 paaltjies aan te teken teenoor die 507 lopies vir die verlies van 45 paaltjies teen hulle.

Die span beoog om regdeur die winter te oefen ter voorbereiding vir die tweede helfte van die krieket seisoen.

# Die pad terug gaan hard wees

## OP DIE KANTLYN



Jean Nortje

SANKSIES en die isolasie-jare wat daarmee saamgegaan het, het Suid-Afrika en veral Suid-Afrikaanse sport baie hard getref.

In hierdie sportmal land is dit 'n bitter pil om te sluk, maar... Verskonings is daar altyd.

In my boeke het deelnemers aan sport nie slegter of swakker of stadiger geword nie. Nee, hulle het dan in die isolasie-jare net so - indien nie harder – as daarvoor geoefen om hoër hoogtes te bereik. Die vraag ontstaan nou: Waar lê die probleem dan? Hoekom presteer ons rugbyspan/ krieketspan/ atlete nie meer by internasionale byeenkomste nie?

Kom ons gaan kyk watter pad Suid-Afrikaanse sport gestap het sedert die toetrede tot die internasionale arena:

Krieket: Die ekskursie Indië toe het die ys gebreek. Sleg verloor. Die toerkaptein, Clive Rice, word in die pad gesteek en siedaar... Hulle haal die halfeindstryd tydens die wêreldbeker in Australasië.

Sokker: Na 'n reeks nederlae rol eers Neil Tovey (kaptein) se kop en toe Screamer Tshabalala s'n. (Omdat hy 'n koerantman geslaan het). Daarna het die Bafana kwansuis onoorwinlik voorgekom.

Rugby: Na 'n fiasko in eers Suid-Afrika, toe Frankryk, toe Engeland word John Williams (afrigter) afgedank en die kaptein... Ons sal eers later vanjaar wanneer daar in Australië getoer word kan sien of dit beter sal gaan.

Die afleiding wat hieruit spruit is dat isolasie sportadministrasie hard getref het.

Nelie Smith en Dok Pool (Maties se eerste rugbyspan afrigters) het na hul buitelandse ekskursie tydens 'n persverklaring die volgende gesê: Die rede waarom Suid-Afrikaanse rugby nie die krag van weleer is nie, is omdat dit nie professioneel bedryf word nie.

Die leemtes in Stellenbosch rugby is geïdentifiseer en nodige veranderinge is aangebring. Resultaat: Stellenbosch het weer 'n wenspan.

So is dit met alle sport. Bekwame administrateurs moet aangestel word om sport effektief te bedryf. Dan eers sal Suid-Afrikaanse sport weer op die wenpad wees.

## Matie-rugby

DIE Danie Craven stadion is Saterdae 'n mooi gesig. As julle tyd het kan julle gerus daar 'n draai gaan maak. Daar word mooi rugby gespeel.

All-Black en Wallaby voorspelerspel word gespeel om die bal in die hande te kry en Franse flair word deur die agterspelers gebruik om die punte aan te teken.

Doen jouself 'n guns: Gaan kyk mooi rugby!

# SPORT-UITSLAE

**MAANDAG 22 MAART:**

**ATLETIEK:** Die volgende Maties is gekies vir WP na die SA Kampioenskappe: MANS: A Jordaan, S Abrahams, J Landsman, D Simpson, E van der Westhuizen, A Curran, C Knoetze, B Snyman, W Hartman, J Martinus, K van der Westhuizen, N Jordaan, O Brits, T Canfield, E Venter. VROUE: C Dickie, K de Bruyn, E Meyer, L du Preez, T Stevens, M Bradbury, D Harmse, D van Zyl, E Gerryts, P Swart, N Potgieter.

**DINSDAG 23 MAART:**

**PLUIMBAL:** Stellenbosch I klop Sanlam 7-0, Stellenbosch II verloor teen Sanlam 2-5, Stellenbosch III klop Sanlam 4-3, Stellenbosch IV klop Sanlam 5-2, Stellenbosch V klop Sanlam 4-3, Stellenbosch VI 4-3.

**WOENSDAG 24 MAART:**

**TAFELTENNIS:** Stellenbosch II verloor teen Oud-Studente 4-6, Stellenbosch IV klop Avendale 8-2.

**DONDERDAG 25 MAART:**

**TAFELTENNIS:** Stellenbosch I verloor teen Weermag 3-7, Stellenbosch III gelykop teen Weermag 5-5.

**SATERDAG 27 MAART:**

**HOKKIE:** Uitslae van die Interklubtoernooi: Poel A: 1. Stellenbosch I, 2. Constantia, 3. UK en Durbanville, 5. Oud-Studente, 6. Pinelands, 7. Somerset-Wes, 8. Tuine, 9. WPKK, 10. Vics, 11. Vishoek, 12. Constantia B. Poel B: 1. Stellenbosch IV, 2. Stellenbosch V, 3. Stellenbosch III en Unicorn I, 5. Bellville en Bergvliet, 7. Opleidingskollege, 8. Strand, 9. Unicorn II, 10. Stellenbosch VI.

**RUGBY:** Stellenbosch I klop UPE 92-6, Vics klop UPE II 106-6.

**SOKKER:** Stellenbosch I gelykop teen Pubs 1-1, Stellenbosch II klop United 1-0.

**NETBAL:** Die volgende Maties is opgeneem in die Bolandspanne vir die SA Toernooi: Boland B: M Muller, K Joubert, N Westdyk, I Fourie, L Vorster. Boland 0/20: P Basson, S Loubser, H van Eeden, A Brink, L Bruwer, L Venter, L van der Westhuizen, F Keuler. Junior Boland (a): S de Villiers, E Visser, L Lourens, D Baird. Junior Boland (b): M de Villiers, I de Waal, E van der Westhuizen.

DRIEKAMP: Chad Gordon en Simon Robinson is opgeneem in die Springbokspan.

**MAANDAG 29 MAART:**

**ATLETIEK:** Stellenbosch was vierde by die Table Top Top Tien-byeenkoms wat in Bellville afgehandel is.

**DINSDAG 30 MAART:**

**PLUIMBAL:** Stellenbosch I klop Swartland 8-0, Stellenbosch II klop Paarl I 5-3, Stellenbosch III klop Valsbaai II 7-1, Stellenbosch V verloor teen Somerset-Wes 1-6.

**WOENSDAG 31 MAART:**

**TAFELTENNIS:** Stellenbosch I klop Silvertrees 6-4, Stellenbosch III klop Goodwood 7-3.

**DONDERDAG 1 APRIL:**

**TAFELTENNIS:** Stellenbosch II klop Vishoek 7-3, Stellenbosch III klop Oud-Studente 8-2.

**SATERDAG 3 APRIL:**

**RUGBY:** Stellenbosch I klop Villagers 35-13, Vics klop Bellville 46-21.

**WOENSDAG 7 APRIL:**

**TAFELTENNIS:** Stellenbosch II klop Bergvliet 7-3, Stellenbosch IV klop Tuine 6-4.

**DONDERDAG 8 APRIL:**

**TAFELTENNIS:** Stellenbosch III klop Hottentot Holland 7-3.

**SATERDAG 10 APRIL:**

**RUGBY:** Stellenbosch I klop Tukkies 17-10, Vics verloor teen Oud-Greys 9-41.

**DINSDAG 13 APRIL:**

**ATLETIEK:** Die volgende Maties het die eerste plekke verower op die Bonnita byeenkoms: MANS: W Hartman (200), E van der Westhuizen (400 hekkies), J Landsman (1500), O Brits (paalspring). VROUE: M Bradbury (spiesgooi), L du Preez (verspring).

**WOENSDAG 14 APRIL:**

**PLUIMBAL:** Stellenbosch I klop Valsbaai 6-1, Stellenbosch III verloor teen Somerset-Wes 2-5, Stellenbosch V verloor teen Villiersdorp 1-6.

**SATERDAG 17 APRIL:**

**ROEI:** Stellenbosch se vroue wen die B4 wedvaart in Pretoria op die SA kampioenskappe. Die volgende Maties is gekies vir die Ontwikkelingsgroep: M Keegan, G Crayston, K Clouver en G Carter.

**NETBAL:** Koshuistoernooi: In die finaal klop Aristea vir Eikenhof 5-3. Stellenbosch I klop Stellenbosch II 66-25, Stellenbosch V verloor teen Strand II 24-40, Stellenbosch VI klop OKB IV 56-20.

Sport-uitslae
p 11

matie sport
DONDERDAG 29 APRIL 1993

Sanksies en isolasie
p 11

# Matiesege op US slagveld

Deur NIELS MOMBERG

TEN spyte van 'n slegte insinking in die tweede helfte, het die eerste rugbyspan van Maties daarin geslaag om Polisie met 51-23 op die Matie-tuisveld te klop. Die rustydtelling was 43-3.

Die Maties het stadig begin, maar halfpad deur die eerste helfte vlamgevat. Vir tien minute lank is asemrowende en totale rugby gespeel en in die proses is 29 punte aangeteken.

Die voorspelers, met Johan van der Merwe (haker) aan die spits, het alle fasette van die spel oorheers. Die goeie besit wat voortgespruit het, het die talentvolle Matie-agterlyn in staat gestel om die besoekers dronk te hardloop.

Jonny Wearne (losskakel) het puik oordeel aan die dag gelê en sy agterlyn blitsvinnig weggestuur. Die blink senterpaar, Jaco Taute en Christiaan Scholtz, het seepglad gekombineer en sonder veel moeite die Polisie se verdediging uitoorlê. Aan hul buitekant het Justin Swart ook beïndruk met 'n paar blink lopies.

Swart, wat tot op hede heelagter was, begin al hoe meer lyk na 'n linkervleuel met 'n groot toekoms. Sy balvaardighede, natuurlike lyfswenk en giftige linkervoet maak van hom 'n speler wat gerus dopgehou kan word. Boom van der Westhuizen het as heelagter ook stewig vertoon.

Ná die omdraaislag het die maroentruie gesukkel om hul hoë peil van vroeër te handhaaf en swakker en swakker gespeel. Dit het die Bobbies die kans gegee om hul stempel op die wedstryd af te druk en selfs meer punte as die Maties aan te teken.

Hierdie insinking is wel in 'n mate kommerwekkend, maar daar behoort nie te veel daarin gelees te word nie. Insinkings kom voor in enige suksesvolle span en dit was duidelik dat die nodige motivering ontbreek het, nadat 'n groot voorsprong reeds vroeg opgebou is.

Die Victoriane het erg teleurgestel teen Weermag en het met 35-29 in die stof gebyt. Hanteerfoute en swak oordeel onder die agterspelers het grootliks bygedra tot 'n patetiese vertoning.

Die voorspelers het lusteloos voorgekom en toegelaat dat die soldate beheer van die losbal oorneem.

Die Vics skuld hul ondersteuners 'n goeie vertoning, aangesien dit hul tweede agtereenvolgende swak vertoning is. Gedurende die Paasnaweek het Old Greys hulle ook lelik op hul herrie gegee.



Maties se Johan Burger laat loop met die bal. Foto: PIETER MALAN

# Reënweer demp nie netbal

Deur LAETITIA VAN DER MERWE

AFGESIEN van die eendeweer het die koshuisnetbal-openingstoernooi steeds plaasgevind op 17 April in die D.F. Malansentrum.

Aanvanklik was die toernooi uitgewerk vir vyf bane en agt rondtes van 20 minute elk. Ten spyte van die ongunstige weersomstandighede, was die toernooi steeds 'n groot sukses. In die semi-finaal het Aristea Minerva met 6-2 gewen, terwyl Eikenhof naelskraap met 4-3 oor Irene geseëvier het. In die finaal tussen Aristea A en Eikenhof B het Aristea Eikenhof geklop met 'n telling van 5-3.

Die Boland ligawedstryde het op 17 April op die Welgevallenbane by die US begin.

Ongeag die harde reën en 'n paar nat netbalspelers, kon 'n groot aantal wedstryde afgehandel word. In die wedstryd tussen US A en US B het beide spanne in die eerste kwart met volle konsentrasie en taakgerigdheid gespeel. US A wen die wedstryd met 16-9. Vanaf die tweede kwart het US A die wedstryd oorheers en gemaklik gewen met 66-25. US B het goeie aanvallende netbal gespeel, maar het hoofsaaklik as gevolg van onakkurate doelpogings die wedstryd verloor. In die US A-span blink die volgende spelers uit: Patrys Basson (D), Leonora Bruwer (S), Natasha Westdyk (VV), Lana van der Westhuizen (HV) en K Joubert (AV). Die US B-span se Marlene Stemmet (V), Leana Lourens (S) en Anneke Brink (AV) het uitstaande gespeel.

# Matie-hokkie verslaan Barcelona

Deur BARBARA MEYER

DIE Universiteit van Stellenbosch se veldhokkieseisoen het vir die vroue-eerstespan op 'n hoogtepunt begin. Die seisoen is ingewy met 'n internasionale wedstryd teen 'n klub van Barcelona, Club De Polo. Die Maties het briljant vertoon reg deur die wedstryd en die wedstryd is gewen met drie doele teenoor die geen doele van die internasionale span.

Dié skouspelagtige wedstryd was die eerste internasionale wedstryd wat die Matiespelers gespeel het. As in ag geneem word dat hierdie wedstryd ook die eerste wedstryd van die seisoen is, is hierdie prestasie werklik iets om op trots te wees.

Twee van die doele is aangeteken deur Jenny King en die derde doel is deur Lisa Wheatley aangeteken.

Ná hierdie goeie vertoning van die Maties se eerstespan, het hulle met die amptelike begin van die WP-liga 'n maklike oorwinning oor Somerset-Wes behaal. Die Maties het Somerset-Wes oortuigend gewen met 'n eindtelling van agt doele teen oor nul.

Volgende week vind die tweede liga-wedstryde plaas. Die Matiespan speel teen Durbanville, en op Dinsdag 11 Mei word die volgende internasionale wedstryd gespeel teen 'n span van die Universiteit van British Columbia. Die wedstryd vind op Stellenbosch plaas. Dit belowe om 'n baie opwindende wedstryd tussen die twee spanne te wees. Die Matiespan is gemotiveerd en vol moed vir die res van die seisoen.

# Canoeists sprinting at top level

By DAVID TUDOR-JONES

THE Stellenbosch canoeists put on a brave performance at the WP Sprint Championships, held on the 3rd and 6th of April at Sandvlei, in cold and windy conditions.

The A-class was represented by Daniel Conradie, Frikkie Malan, Antony Steven and Antony Rowan. The B-class was represented by Xander Combrick, David Tudor-Jones and Frohan Visser, with Gerhard Beukes competing in the Sub-Vet division.

Results of the A-class: Daniel Conradie (1st-500m K1, 4th-1000m K1, 1st-500m K2, 4th-10 000 K2), Frikkie Malan (3rd-500 K1, 1st-500m K2), Anthony Steven (8th-500m K1, 8th-1000m K1, 8th-10 000m K1, 5th-500m K2, 4th-10 000m K2) and Antony Rowan (6th-500m K1, 6th-1000m K1, 5th-500m K2).

Results of the B-class: Xander Combrink (1st-500m K1, 1st-1000m K1, 1st-10 000m K1, 1st-500m K2, 1st-1000m K2, 1st-10 000m K2), Frohan Visser (3rd-500m K1, 3rd-1000m K1, 2nd-10 000m K1, 1st-500m K2, 1st-1000m K2, 1st-10 000 K2), David Tudor-Jones (2nd-500m K1, 4th-100m K1, 3rd-10 000m K1, 5th-500m K2, 4th-1000m K2).



Karate kids in action.

# Canoeists double the action

By DAVID TUDOR-JONES

STELLENBOSCH canoe club had four doubles combinations in last weekend's K2 race, held on the Misverstand-dam over a distance of 26 kilometres.

RESULTS: 1st Michael Cheeseman (UCT) and Eugene van der Westhuizen (Milnerton), 2nd Barend Spies and Louw Malerbe (Milnerton), 3rd Dan Conradie and Antony Steven (US), 7th Frohan Visser and Xander Combrink (US), 11th Gerhard Beukes and André le Roux (US). Second in the ladie's team were Estelle Franken and Bev Reed of the US.

The following members will represent the US in the SA sprint champs on 24 April at Roodeplaat dam in Pretoria: H Kotze, F Malan, A Rowan, F Visser, X Combrink and J Heenop. Olympic sprinter Herman Kotze will be defending his 500m K1 title and will again try to improve on his SA record, which he shattered last year.

# Matie graded green

THE local Kushido Karate-do Club recently held the areas first grading of the year at the Van der Stel Dojo (training hall). Included in the line-up were several present and past Maties, plus Karateka from the Somerset-West and Bellville dojos.

Heading the grading panel was Boland Instructer, Kosmi Tim Knights (third dan), assisted by Theo van Niekerk, Stefan Rossouw and Barry Humby (second dans). The grading was very successful, the highlight being Green belt division, were Matie Leonard Mead, achieved Green third level.

**SPECIAL ANNIVERSARY COURSE:**

This year is the Kushido's 30th Anniversary, and a once-in-a-lifetime "BUSHI" (Life of a Warrior) course is taking place at the Karate-Do International Headquarters Honbu dojo (Still Bay), the course lasts a month and covers every aspect of extensive and dynamic Martial Art.

DIE MATIE word uitgegee deur die eienaar, die SR van die US. DIE MATIE word geset en gedruk deur Nasionale Media Bpk., Heerengracht 40, Kaapstad.